HEILIGMAKING

Dr. Gerrie de Haas

gerrie@gedaministries.co.za

HEILIGMAKING

Daar is ‘n proses van heiligmaking waardeur ons moet gaan na wedergeboorte.

1 Petrus 1:15 & 16;
‘Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,
omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig’.

Ek en jy kan nie net heilig word nie, maar, ons kan alles keer wat verhoed dat ek heilig word. Dan sal heiligmaking kom.
Die sleutel is nie om harder daaraan te werk nie, maar om nader aan Hom te kom.

1. Oorkom die vrees vir die dood.
2. ‘n Mens se mag oor sy wil.
3. Die werke en die weg van die kruis.
4. God se geloof.
5. Om God se stem te hoor.
6. Die pad na heerlikheid.
7. Jou oorgawe en geloof.
8. Jy moet voluit lewe.
9. Ons droom vir die nuwe seisoen.
10. Jou grondgebied.

OORKOM DIE VREES VIR DIE DOOD

Hebreërs 2:14–15;
'Hier is die kinders wat God my gegee het.
Aangesien die kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword, sodat Hy deur die dood ***hom*** tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel, en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.'

Een van die groot redes waarom Jesus Christus aarde toe moes kom en 'n vlees en bloed liggaam moes aanneem, is dat Hy die dood kon ervaar – vir ons.
Die skrif sê dat God dit so beveel het dat elkeen van ons sal sterf, en daarna die oordeel.
So Jesus Christus het die dood ervaar langs ons en so oor die dood getriomfeer.

Die hele rede daarvoor was dat die vrees vir die dood gebreek kon word, want te veel mense leef in 'n ewige vrees om eendag te sterf, en dit sluit baie christene in.

As 'n mediese dokter moet ek vir baie mense die nuus meedeel dat hulle bv. kanker het, en dat hulle daarvan sal doodgaan. Hulle stort meestal ineen na die diagnose, huil, ween en kry dadelik 'n gebedsketting aan die gang. Dis ales reg, maar soms is die skok net te groot.

Soos jy aan hulle die siekteproses verduidelik, besef hulle gou dat hierdie siekte tot die dood toe is.
So baie van hulle val dan in die vrees vir doodgaan.
Mense is bang om dood te gaan.
Hoekom? Soveel mense voel skielik of hul nie gered is nie!
Hulle besef so skielik dat hulle nog nooit vir hulle 'n skat in die hemel bymekaar gemaak het nie.

Baie van hulle is kerkmense, Christene en leef nie roekeloos nie.

Wat beteken dit om 'n skat vir jou in die hemel bymekaar te maak? Ons is geleer dat dit is wat ons vir ander mense hier op aarde en vir God doen. Die Here sê: 'Nee, dit is nie jou skat nie. Dit is nie julle goeie werke hier op aarde en wat jy vir ander mense doen wat eendag in die hemel jou beloning gaan wees nie.

Nee. Jou skat wat jy bymekaar maak is jou intimiteit en jou persoonlike verhouding met Jesus Christus.

Daar is soveel wat niks het om vir ander te gee nie en hulle kan nie so gediskwalifiseer word nie. Jy moet absoluut aan God gehoorsaam en rein van hart wees!
Jy moet Jesus Christus een tot een ken. Die woorde van Christus wat oral in die Skrif staan is: 'Gaan weg, Ek ken jou nie.'
As jy een dag sterf, is jy totaal alleen – net jy en God.
En as jy nie vir God ken nie, gaan jy alleen wees.

So, jou skat in die hemel is jou persoonlike vlak van intimiteit en jou verhouding met Jesus Christus.

Maar mense, as jy vir hulle sê dat hulle gaan doodgaan, begin hulle so maklik twyfel. Hulle weet net nie of hulle reg is nie. Hulle weet niks van die dood af nie.

Voorbeeld:
Jy kry 'n vrou wat bitterlik ween en sê: Ek het my moeder verloor en ek is in so 'n toestand.
Ek kan nie sonder haar lewe nie en ek is seker dat sy nog graag hier op aarde sal wil wees om my by te staan.
Was sy 'n Christen ?
O ja – sy het die Here haar hulle lewe lank gedien – sy was nou 84 jaar oud. Bid asb. dat God haar sal terugstuur.

Sy is verkeerd. As jy dink dat mense wat in die hemel is wil weer terugkom aarde toe, maak jy 'n groot fout.

Die Here sê: My mense is oningelig oor die dood, dis waarom so baie 'n vrees vir die dood het.
Ek het al gevind dat mense in tye van ernstige siekte voel hulle wil God vermy – net uit vrees uit – hulle is bang.
Is dit belangrik? O ja. Ons almal mag more sterf en as ons in vrees lewe maak ons dit vir onsself so moeilik.

God se Woord oor die dood***:*** ***Psalm 116:3 en 15***
Vers 3: 'Bande van die dood het my omring en angste van die doderyk het my getref; en ek het benoudheid en kommer gevind.'
15: 'Kosbaar is in die oë van die Here die dood van sy troue dienaars / gunsgenote.'

Jou God is nog altyd betrokke met jou dood.
Jou dood is nie net iets wat gebeur nie.

Nee, die Woord sê dit is kosbaar vir God. Hy beplan nie net jou geboorte nie, maar ook jou lewe en jou dood.
Dit is verseker ook so dat Hy dit beplan, maar dis jou keuse hoe jy gaan lewe.

As jy 'n kind het wat dood is in 'n motorongeluk en jy kan nie verstaan waarom nie, en hy was nog so jonk, weet dat jy God moet verstaan hierin.
Jou dood gebeur nie net nie – daar is 'n vasgestelde tyd daarvoor.

Hebreërs 9:27; **'**'n Mens is bestem om een maal te sterwe en daarna die oordeel.'

Ons moet meer oor die dood praat en mense bemoedig met woorde.

1 Thessalonicense 4:13–18;
'Maar broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.
Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so dié wat in Jesus ontslaap het, saam met hom terugbring.
Want dit sê ons vir julle deur die woorde van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal voor wees nie.
Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en dié wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.
Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.
Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde'.

Hier praat Paulus van mense wat in Jesus ontslaap het.
Oor jare het daar 'n denkrigting ontstaan dat mense na die dood net aan die slaap gaan raak. Hulle verloor net hulle bewussyn.
Vir hulle is die dood 'n slaapaffêre – tot op die laaste dag.
Ek moet hier bewys dat so 'n rigting totaal verkeerd is.

Paulus praat hier van mense wat in Jesus ontslaap het, defnitief van 'n fisiese liggaam.
Die fisiese liggaam slaap verseker nie net nie – dit sterf en funksioneer gladnie meer nie.

WAT GEBEUR DAN MET ONS AS ONS STERF?

Die belangrikste feit is dat jou siel en jou gees die fisiese liggaam verlaat.
Die siel wat die liggaam verlaat is jou bewussyn – dit wat jy nog dink en beleef – jou wil en jou emosies.
Jou gees gaan net saam – as jou gees.
Die fisiese liggaam gaan nêrens heen nie – dit sterf net en bly agter.

Jy moet mooi besef dat my fisiese liggaam is nie ek nie.
As jy na my liggaam kyk sien jy iets en jy sê: Dit is Gerrie. Nee, ek, Gerrie, bly net binne in my fisiese liggaam.
Die liggaam is nie ek nie. Ek is hier binne.

As hierdie fisiese liggaam gaan ophou funksioneer gaan ek net aanhou lewe.
My gees en emosies en siel en wil gaan net aanhou lewe.

Mattheus 17:1-4;

'En na ses dae het Jesus vir Petrus, Jakobus en Johannes saamgeneem en hulle op 'n hoë berg in die eensaamheid gebring, en Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig.
En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elia in gesprek met Hom.
Toe begin Petrus vir Jesus sê: Here dit is goed dat ons hier is – laat ons hier drie hutte bou.'

Hier vind ons Moses en Elia in gesprek met Jesus.
Dis hoekom Petrus drie hutte wou bou.
Nou, Moses en Elia is 4000 jaar gelede dood.
Daar was verseker ook nie foto's en video's van hulle beskikbaar nie. Nou hoe het Petrus hulle hul dan herken?

Rede: in die geestelike realm is daar 'n totale ander dimensie van kennis. Meer daaroor later.
Jy sien, Moses en Elia het ontslaap, maar in hulle verheer-likte vorm was al hulle gedagtes en bewussyn nog daar.
Hulle het presies geweet hoekom en waar om met Jesus te ontmoet.

Lukas 16:19–26;

'En daar was 'n ryk man…'

Daar is lesse wat ons hier moet leer:
Jesus is hier verseker besig om die dood aan ons te beskryf.

(1) Jy moet daarop let dat albei - die geredde en ongeredde man, totaal by hulle bewussyn was, totaal bewus waar hulle is en waarom hulle daar is.

Hulle het ook verseker geweet wat in die verlede gebeur het en wat nou op daardie oomblik besig was om te gebeur. Hulle het al hulle herinneringe en kennis gehad, nes in die lewe.
Hulle hele sielsdimensie was nog met hulle.

Die bewussyn was daar, maar bykomend het hulle ekstra kennis gehad.
Die ongeredde het nooit vir Abraham geken nie – hy't 4000 jaar vroeër gelewe, maar hy het hom dadelik herken.
Daar is defnitief vergroting van kennis na die dood – die oomblik dat jy die geestelike realm binne gaan.

(2) Die geredde man, Lazarus, was nie alleen direk na sy dood nie. Daar was engele wat hom weggedra het na die ereplek.

Ek is oortuig dat die ongeredde man allen was.
Daar is geen rekord dat iemand hom vergesel het die doderyk in nie. Hy moes soontoe alleen gaan.

WAT DAN IS 'N VERHEERLIKTE LIGGAAM ?

2 Korinthiërs 5:1–8;
'Want ons weet..'

Paulus praat hier van 'n 'aardse tentwoning.'
Wat is dit? Ons fisiese liggaam hier op aarde.
Maar hy sê daar wag 'n nuwe hemelse liggaam – verheerlikte liggaam vir ons een dag.

So, as ons uit hierdie fisiese liggaam uitstap is dit net soos om jou baadjie uit te trek. En God trek vir jou 'n nuwe baadjie aan – oombliklik. Daardie nuwe liggaam ken nie pyn, nie stress, nie drama of die dood nie.
Dus: Afwesig uit hierdie liggaam, beteken, teenwoordig by God.
Net so. Dis amper so eenvoudig soos om deur 'n deur te loop.
Jy stap uit een liggaam direk in 'n ander een in.
Daar is dus net een antwoord op jy roep na jou sterwende 84 jaar oue moeder.As sy Christus ken, laat haar gaan. Sy gaan splinter-nuut wees! Ons finale genesing kom altyd in die hemel eers.
Genesing manifesteer nie altyd op aarde nie – maar dit sal verseker in die hemel gebeur.

MEER OOR DIE VERHEERLIKTE LIGGAAM:

Filippense 3:20-21;

'Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp…'

Die Woord sê: Ons verheerlikte liggame sal presies wees soos die liggaam waarin Jesus Christus nou lewe.

2 Korinthiërs 5:5;

'Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is God, wat ons ook die Heilige Gees as onderpand, as waarborg (as 'guarantee') gegee het.'

So, as jy moet doodgaan sê net: Ek het 'n waarborg – die Heilige Gees in my.Die absolute finale waarborg: Die oomblik dat ek sterf, het ek 'n waarborg, 'n splinternuwe liggaam. As ek sterf en gaan na my hemelse Vader toe en gaan ek nie alleen wees nie.

Jy weet, al voel jy nie altyd die teenwoordigheid van die Heilige Gees in jou nie, moet jy dadelik sê: Ek het 'n waarborg. Die Heilige Gees is in my en niks kan dit van my wegneem nie.

1 Johannes 3:2;

'Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, ons soos Hy sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.'

Duidelik: ons verheerlikte liggaam sal net soos Jesus s'n wees.
Die geneesheer Lukas was baie geïntresseerd hierin, en daarom skryf hy spesifiek in

Lukas 24:36–43;

'Terwyl hulle hieroor praat, staan Jesus self...'.

Nou hier kan ons 'n paar dinge leer oor hoe ons verheerlikte liggame gaan wees:
Ons liggame gaan defnitief soos Jesus s'n wees.
Die nuwe liggaam is 'n fisiese liggaam, met vorm en substansie. 'n Liggaam van vlees en van bene.

Die Here sê vir hulle: Kyk, kom vat aan my en hanteer my.
Maar dit gaan ook 'n totaal geestelike liggaam wees.
Dit gaan in die fisiese en in die geestelike kan beweeg.

Wat het Jesus gedoen? Hy het reg deur 'n soliede muur geloop. Hy kon ook alles doen wat 'n gees kan doen. Ons lees ook verder dat die fisiese liggaam sal kan eet en drink. Jesus het dit gedoen. En Hy nooi ons ook uit na die feesmaal in die hemel!

Ons sal defnitief mekaar herken. Jy al die bekendes, ook Moses, Elia en almal. Ons sal ook oor 'n baie groter dimensie van kennis beskik, en sal alles net weet. Ons sal ook die hele tyd vir Jesus sien en met Hom kommunikeer. So almal wat die ou siek en gereddes hier op aarde wil hou, is verkeerd.

Jy huil verniet: Jou mamma wat dood is, is in soveel vreugde.
Ek weet jy mis haar, maar weet: sy wil nie terugkom nie.

WAT VAN DIE OORDEEL?

Na ons dood sal ons voor Jesus staan, en Hy sal jou lewe ondersoek.Hy sal ons werke en alles wat ons op aarde gedoen het toets met vuur,
As ons lewe die vuur kan staan, sal ons die beloning kry.

WAARSKUWING:
Jou werke mag dalk na alles tog net verbrand word soos hooi.
Hy moet nooit eendag kan sê: Ja ek hoor wat jy sê, maar alles wat jy in die kerk, in die sondagskool gedoen het, het jy net vir jouself gedoen – om jouself te verhoog en jouself belangrik te maak.

Ek is jammer, alles het in niks geëindig nie.
Al die jare het julle my Here, Here genoem, maar julle het nooit gedoen wat ek van julle verwag nie.

GEBED: Roep Hom aan en sê saam met my:

* Here, laat my hart my nie self mislei nie asb.
* Here, maak dat ek skuldig voel as ek verkeerd is asb.
* Wys my my foute asb. Here.
* Ondersoek en verander my hart, Here.
* Doen wat U wil Here, maar help my dat ek nie myself mislei nie asb. Amen

.....

‘N MENS SE MAG OOR SY WIL

Die sterkste ding wat God ooit aan die mens gegee het, is sy eie wil. Hy het aan die mens die mag gegee om self te kies hoe hy wil reageer en hoe hy wil leef.
Die besluite wat ons elke dag neem is ons eie keuse.

‘n Mens het nie mag oor iemand anders se wil nie.
In die geestelike realm het God aan jou die mag gegee oor alternatiewe geeste. Jy het mag oor die bose geeste en sekere vyandige geeste. Dis net belangrik om te besef dat jy nie mag het oor ‘n ander mens se wil nie. Die bose is onder ons geplaas om oor hulle te triomfeer en oor hulle te heers.

God het egter nooit mense gemaak om oor ander te heers nie.
Hy wil hê ek moet jou help, Hy wil hê ek moet jou leer, Hy wil hê ek moet ‘n ekstra myl saam met jou loop en Hy wil hê ek moet vir jou deure help oopmaak as jy klop, maar ek is nie oor jou aangestel nie. Op geen vlak nie.

In my en jou is daar ‘n potensiële krag wat dit moontlik maak vir ‘n mens om oor die bose te kan heers.
God gee aan jou die reg om daaroor te besluit en dit te doen of nie.
Die tragedie is: Ons hoor en weet dit, maar ons doen dit nie.

Kom ons gaan kyk in die Bybel wat God vir ons sê oor krag.
Hy sê vir ons op ‘n paar plekke: ‘Ek gee jou mag oor die krag van die vyand’. Daar is ‘n groot verskil tussen ‘mag’ en ‘krag’.
Het die vyand krag? Ja, maar ek het mag daaroor.
Mag het ‘n baie groter dimensie as krag.
Efesiers 1:19. Paulus wat ons leer.
‘En wat die uitnemende grootheid van Sy krag is vir ons wat glo na die werking van die krag en van Sy sterkte’.

Daar staan dat indien jy in Sy krag glo en indien jy dit kan regkry om in die werking van Sy krag te kan loop, is dit jou sterkte.
Dit is die uitnemendheid.
Dit is wat Paulus hier probeer om vir hulle te leer.
In die tyd wat verby is het ons al Goddelike krag gesien en dit ervaar.

God bring in die oestydperk, in die eindtyd kerk, daardie kragvertoning op ‘n magtige manier terug in die kerk onder die heiliges, om dit te administreer.

Die grootste vertoning van God se krag ooit was die opwekking van Jesus Christus. Dit was nie net ‘n wonderwerk nie.
Daar het ‘n al voorheen ‘n dogtertjie en ‘n man, Lazarus, wat dood was, lewendig geword, maar dit het geen werklike geestelike impak op iets gemaak behalwe ‘n vertoning van God se almag nie.
Maar die opwekking van Jesus Christus is hierdie magtige vertoning van krag. Al die tyd wat Jesus gelewe het wou bose magte Hom dood gemaak het. Elke mag en elke krag van die bose was gekonsentreed op Hom. Die doel daarvan: Om dit te verbied dat Hy kon word waarvoor Hy geroep is. Om Hom te verbied om kruis toe te gaan. Want in die kruis, Jesus Christus die gekruisigde, dis waar die krag lê.

Wat gebeur direk na die kruisiging? Jesus, die liggaam sterf.
Christus moes afdaal in die doderyk. Jesus lê in die graf - die liggaam Jesus. Christus, die Gees-deel is besig om te gaan doen waarvoor Hy gekom het – om die dood te oorwin.
Die oomblik toe Christus, die Gees-deel terugkom in die liggaam van Jesus Christus, is Hy oombliklik lewendig.
Hy’s oombliklik gesond en Hy kom en Hy vertoon dit vir ons.
Jesus Christus het opgestaan en opgevaar en sit aan die regterhand van God. Daarom het Hy opgestaan.

Jesus Christus is op die troon vandag. Hy is ver bokant enige mag en Hy heers en Hy sê vir ons: ‘Julle sit saam met My in hemelse plekke’. Waarom? Om te heers oor dit wat Ek jou aangestel het, en dis nie om te heers oor mense nie.
‘n Man is nooit geroep om te heers oor sy vrou nie.
Ons is gemaak om te heers oor die hele skepping.
Ons moet die skepping bestuur, ons moet die wêreld bestuur en ons moet oor die bose heers. Dit is waaroor outoriteit gaan.
Die hele oorsprong van mag was daardie opwekking en die krag wat ons bekom het. Paulus leer dit hier vir die Efesiërs dat hulle oë moet oopgaan in die kerk.
Maar, hy leer dit vandag dat ons oë in ons kerk ook moet oopgaan.
Want daar is ‘n kragdimensie aan my en jou beskikbaar.

Dis God se begeerte dat ons presies weet wat gebeur het en dis waarom Hy sê: 'Ek het vir Christus bo alle owerhede, magte, kragte en heerskappy aangestel.'
Ek moet weet dat daar 'n tyd kom in my lewe waar ek geestelik moet groei. Ek word wedergebore deur Jesus Christus, in die liggaam van God in. Daar kom 'n tyd wanneer ek persoonlik in Jesus Christus moet ingaan en Hy moet in my inkom. Ons kom by Galasiërs 2:20 wat sê: 'Ek leef nie meer nie, Christus Jesus leef nou in my'.

Christus is nou besig om iets te skep hier binne in my. Nou, wat in Hom was, is nou in my. So, as Hy oor die duiwel kon triomfeer, kan ek ook oor die duiwel triomfeer. Dis net of ek dit kan vat of nie.

Die Heilige Gees kom deur Paulus en Hy wil hê dat ons hierdie waarheid moet sien. Wat moet ons sien?
Ons moet duidelik sien en weet wie ons in Jesus Christus is.
Jy sal nooit die gesag opneem as 'n oorwinnaar as jy nie besef jy is 'n oorwinnaar nie. En dit was nog altyd die duiwel se plan om vir jou te vertel dat jy niks is nie. Hy wil vir ewig vir jou sê dat jy 'n ou minderwaardige ou dingetjie is en jy altyd niks sal wees nie.
Dis die taal van die duiwel en hy wil jou intimideer.

Die oomblik dat jy hierdie woorde in jou gedagtes kry, moet jy dadelik daarteen reageer. Sê dadelik: 'Wie sê dit nou vir my dat ek nie kan nie? Wie is jy wat dit vir my wil kom vertel? Weet, ek is meer as 'n oorwinnaar in Christus Jesus wat my krag gee'.
Dis hoe ons moet optree. Staan op teen die vyand.
Ons moet ons gedagtes vernuwe daar.
Ons moet dit duidelik kan sien. Ons moet sien dat Jesus Christus in ons plek oorwin op die kruis en Hy het die oorwinning vir die ganse mensdom behaal en Hy het die hemel en die bediening voorberei vir dié wat in Hom sal wees, om saam met Hom te kan oorwin.
Ek en jy moet opstaan in hierdie tyd wat kom en help om miljoene mense na God toe te lei. Sonder krag? Maar waarvan praat jy nou? Sonder krag gaan jy niks doen nie, dan kan jy maar net sowel bly sit.

Ons het die krag-dimemsie nodig en hoe meer ons daaroor praat hoe groter gaan die werklikheid vir ons word. Ek praat nie van liefde in Christus nie, ek praat van outoriteit. Hoe gaan dit werk?

Die Bybel sê: 'Wie die Here aanhang is een met Christus.'
Ons is een met Christus en ons sit saam met Hom aan Sy regterhand. Alles is onder Sy voete geplaas en alles wat onder Christus se voete is, is nou ook onder my voete, as ek één is met Hom. Dis hoekom Hy sê jy sal loop en jy sal trap op slange en skerpioene en hulle sal jou gif gee en dit sal aan jou niks maak nie. Hoekom? Want God is in jou.
Die hele saak van 'Ek is in jou' beteken nie jy moet net 'n hoorder wees nie. Hy gaan vra maar wanneer word jy 'n dader. Ons lees in die Bybel: 'En toe hulle **hoor** wat Phillipus sê en **sien** wat hy doen, het die hele stad verander'. Ons het lank genoeg net geluister.

Elke keer as die storms gaan opkom, weet jy het die mag om te doen presies wat Jesus gedoen het toe die storm vir Hom opgekom het. Hulle maak Hom wakker en die eerste ding wat Hy vir hulle sê is: 'Hoekom maak julle My wakker? Hoekom het julle nie self die storm stil gemaak nie. Julle het mos nou My outoriteit in julle. Hoekom vra julle My nou dat Ek dit moet doen. O julle kleingelowiges! Hoe lank moet Ek nog saam met jou loop voordat julle begin doen wat Ek doen.'

Hoe antwoord hulle Hom in die gedagte: 'Maar ons kan nie, want vrees het ingekom.' Net daar was hulle kragteloos.
Ons lees in Johannes wat hy sê: 'Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo en die werke wat Ek doen, sal hy ook doen en julle sal bymekaar kom en groter werke doen. Want Ek gaan na My Vader toe.' Dit is waarvoor Hy hulle op die boot voorberei het.
Hy sê vir hulle: 'As Ek nou die volgende maand nie hier is nie en klaar gekruisig is, wat gaan julle maak as die storms op die see gaan kom?'

Mense, ons moet hier 'n paar trappe klim en daardie trappe klim is nou. Ons moet bereid wees om die hele pad te gaan.
Ons verkondig aan almal verlossing van sonde en die ontkoming van die ewige oordeel.Maar intussen tyd bid ons nie vir 'n siekes nie, ons staan nie die duiwel teë nie en al die tyd steel hy by jou.

Ons onderdruk die duiwelse ding wat by ons steel net nie genoeg nie.

As jou lewe kragteloos is en jy besef dat God baie meer in jou belê het as wat jy regtig weet, is dit tyd dat jy jouself moet ondersoek.

Kom ek vertel julle van die menslike wil.
Ek en jy moet by die punt kom dat jy presies kan weet wat jy moet doen en wat jy nie moet doen nie.
Moenie probeer heilig wees sonder om te weet wat jy nie mag doen nie. Leer wat jy moet doen en nie moet doen nie.
Ons praat van die dimensie wat in ons moet inkom.
Daar is die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Dis die salwing wat in jou moet inkom. Daar moet skielik soveel meer van Jesus in jou kom sodat as jy aan mense vat dan val hulle om.
En ons verstaan dit nie. Jy moet dit self begin doen.
Wanneer gaan ons by daardie vlak kom?

Jy kan nie net alleenlik in die salwing werklik 'n leier word nie, jy moet ook in outoriteit 'n leier word.
Wat beteken outoriteit? Ek het mag oor sekere geeste en ek sal net my hand optel en sê: 'Satan kyk, jy bly buite' en hy sal buite bly want hy moet. Hy is net 'n gevalle engel en ek is 'n kind van God. Hy ***moet*** na my luister.
Maar, as ek nie daardie ding leer nie en dit nie elke dag doen nie, gaan hy by my steel. Dis so eenvouding soos wat dit is.

Ek lees 'n stuk van Kenneth Hagin.
In die vorige eeu was hy besig om te bedien.
Hy vertel 'n interessante ding. Hy het vir twee weke saam met 'n pastoor van 'n gemeente 'n groep kerke gaan bedien.
Die man saam met hom was werklik ook 'n man van God, maar 'n diabeet, 'n suikersiekte-lyer. Die oggend toe hulle reg is om te ry het die man vinnig toilet toe gegaan om sy suiker te toets, sodat hy kan weet hoeveel Insulien hy moet spuit. Toe hy terug kom sê Kenneth Hagin vir hom dat hy hierdie twee weke nie nodig sal hê om te spuit nie. Die man sê toe: 'Hoe kan jy dit sê?'
Kenneth Hagin sê toe: 'Want ek het outoriteit oor hierdie siekte van jou geneem. Dit sal jou geensins pla die volgende tyd nie.
Die predikant sê toe: 'Van wat praat jy nou?'
Kenneth sê, ek wil net my hand so op jou sit en vir jou sê dat terwyl ek saam met jou is, sal suikersiekte niks aan jou doen nie. Ek het beheer geneem oor daardie siekte in jou, want dis nie jy nie,

dis die duiwel wat by jou probeer steel en ek het outoriteit oor hom geneem.'

Die verhaal is toe dat hy vir twee weke nooit suiker getoon het nie en hy moes toe nooit gespuit het nie.
Daar staan egter verder: Drie dae nadat die man weer by die huis was het die suiker weer teruggekom, want hy het verwag dit sal weer kom.

'Kenneth Hagin, hoe het jy dit reggekry?'
'Wel, ek het dit net gevat,' skryf hy daar.
'Jy sien, ek het beheer in Christus Jesus oor bonatuurlike magte geneem en dit het gewerk. Maar ek het nie beheer oor sy ongelowigheid later gehad nie. Ek het nie mag oor sy ongelowigheid omdat hy geglo het: Ag, na 3 dae sal ek seker maar weer begin spuit.'

Ons moet besef: Ons het die mag oor die duiwel wat alles in sy vermoë sal doen om die beheer oor mense te behou.
Hy het nou klaar 'n oop deur gekry en nou maak hy jou siek.
Kenneth Hagin sê: 'Ek kan daardie ding beheer net terwyl jy jouself aan my onderwerp en ek saam met jou kan gaan en die God in my, sal jou gesond hou. Maar die oomblik as jy hier uitloop is die bal aan jou kant. Nou moet jy self besluit wat jy gaan doen.

Hy skryf verder:
'My oudste broer was deur die duiwel gebind vir soveel jare.
Ek het vir vyftien jaar probeer om my broer te red en vir hom alles vertel, maar dit het geen vrugte afgewerp nie.
Na 15 jaar in die bediening het God se outoriteit in my ingekom.
Ek het besluit om my taktiek te verander.
Ek het na hom toe gegaan en vir hom gesê: 'Satan, in die Naam van Jesus Christus, breek ek jou krag oor my broer se lewe en ek sê vir jou ek eis sy vrylating'. Na twee weke was hy gered.

Wat sê ons eintlik hier?
Dat die outoriteit om dit teë te staan is hier binne in ons.
Maar ek het nie beheer oor wat jy vanaand by die huis doen nie.
Ek moet net altyd probeer om myself reg te hou.
Ek moet ook nie nou net in ongelowigheid val nie, want dit is dan nou nog altyd die duiwel se plan.

As jy probeer om te handel volgens God se woord, maar jy het nie die outoriteit van Sy woord in jou gees nie, sal jy tevergeefs die duiwel probeer teenstaan. Alle geloof, alle outoriteit en mag kom deur die Woord van Jesus Christus in jou lewe.

Wanneer gaan jy nou daar uitkom?
Dis 'n saak wat jou een of ander tyd self in jou binnekamer laat toesluit en die sleutel uitgooi by die venster en sê: 'Ek gaan vir drie dae hier sit totdat God vir my wys wat gaan in my lewe aan.'

Te veel mense sit en toekyk en wag dat Jesus iets moet doen.
Intussen het Jesus alles klaar vir ons kom gee om te doen.
Hy het alle outoriteit vir ons gegee om sake te kan verander.
Baie keer kom ons tot die gevolgtrekking dat sekere beproewings van die vyand af is en God sê jy moet nou My woord vat en heers oor hierdie ding. Wat is die skrif?

Jakobus 4:7.
'Onderwerp jou dan aan God, weerstaan die duiwel en hy sal van julle af wegvlug.'
God sê nie weerstaan die duiwel en hy gaan van My (God) af wegvlug nie. Hy het van My al 2000 jaar gelede weggevlug. Hy sal van **jou** woord af wegvlug. Weerstaan hom, hy sal van jou weg-vlug. Daardie outoriteit is in ons almal in Jesus se naam. Die mag oor satan behoort aan jou en die verantwoordelikheid berus by jou.

Nou, ons gaan in 'n tyd in van toetsing, van voorbereiding.
Wees sterk want niemand gaan in staat wees om net deur al hierdie dinge te gaan nie.
Beoefen die outoriteit en die mag wat aan jou behoort.

.....

DIE WERKE EN DIE WEG VAN DIE KRUIS.

Dit is so belangrik dat ons heiligmaking moet nastreef.
Die groot duisternis is besig om toe te sak oor die aarde.
Slegs dié wat rein van hart en gehoorsaam is sal deur alles kom.
God kom herhaal Sy voorwaarde: 'Julle moet in eenheid beweeg en mekaar se laste dra.' As jy werklik voel dat jy in hierdie dae God wil aanbid in gees en in waarheid, hou op om te kritiseer en alles op jou eie manier te wil uitwerk. Dit lei tog net na konfrontasie.

Om in eenheid te beweeg is dit so nodig dat almal wat hier betrokke is, dieselfde einddoel moet hê. Vir ons wat almal uit verskillende agtergronde kom gaan dit nie altyd maklik wees nie. Weet dat ons van leierskap kant alles gaan doen om almal te akkommodeer.

Die hele doel met die koms van Jesus Christus was om ons terug te bring na die Vader toe.
Die vraag word nog altyd gevra: 'Waar is God die Vader nou?'
Nog altyd in die hemel besig om te kyk wat jy doen. Hy wag vir ons. Hy is ook teenwoordig in jou deur Sy Seun Jesus Christus.

Verhaal: Daar was 'n skool in Amerika wat daarop uit was om godsdiens totaal uit skoolopleiding te haal. Daar was gesê dat godsdiens nie meer as 'n vak gegee mag word nie en dat dit almal se tyd mors en dat almal in elk geval nie daarmee saamstem nie.

'n Groot vergadering is gereël en almal was teenwoordig.
'n Vrou het die laaste aanval op godsdiens gemaak en na die stemming is besluit dat godsdiens nie verder deel gaan wees nie.

'n Jaar later stap daar 'n leerling in by die skool.
Hy was kwaad vir die onderwysers en van die medeleerlinge oor iets. Hy pluk 'n semi-outomatiese wapen uit en skiet twaalf mense dood voordat hy oorrompel is.

Daar word toe weer 'n vergadering gehou. Skielik staan die vrou weer op en skreeu: 'Nou waar was God toe daardie mal man hier ingestap het? Wat het Hy gedoen om ons kinders te beskerm?'
Iemand staan op en sê: 'Mevrou, God was nie hier by die skool daardie dag nie. Jy was een van die mense wat Hom hier weggejaag het. So, moet nie nou so 'n dom vraag vra nie.'

Nou ja, dit werk nie altyd net so nie.
God het so 'n begeerte om vir jou lief te wees en jou te versorg – met 'n voorwaarde: Hy kan net soveel vir jou doen as wat jy Hom toelaat om te doen.

'n Man wat sy seun in die oorlog verloor het het ook gevra:
'Waar was God toe my seun op die slagveld dood is?'
Antwoord: Hy was presies op dieselfde plek as toe Sy eie Seun doodgemaak is.

God is liefde. Die liefde van ‘n alomteenwoordige Vader.
Dit is elke oomblik beskikbaar vir jou en vir my.
Jy hoef niks van die verlede nog saam te dra nie. Gee dit alles net oor aan Hom. ***2 Korinthiërs 1:3-4; Wie is hierdie God?***
‘Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting,
wat ons troos in al ons verdrukking, sodat ons dié wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word.’

Hy kom gee aan elkeen van ons die gawe om ander mense te vertroos. God is altyd dieselfde en ons weet dit!
Dit is so belangrik dat ons kinders dieselfde van ons moet kan sê: ‘My pappa en mamma is soos Jesus. Hulle is elke dag vir my goed en lief.’ Vraag: Werk dit so ook in jou lewe?

Bring alles uit en gee dit vir Jesus. Niks mag daar onder die plaveisel toegemessel bly lê nie – haal dit uit.
In ons strewe na heiligmaking is daar sekere wette van die lewe.
‘n Wet sonder gevolg of rekenskap, is slegs goeie advies.
Wanneer daar ‘n wet is en daar is gevolge as jy dit verbreek, sal dit staan as ‘n wet.

As daar ‘n wet is maar daar is geen gevolg as dit verbreek word nie, is dit maar net soos advies.
Ek gee jou advies oor ‘n saak, maar wat jy gaan doen daar omtrent is jou eie keuse. Dis nie ‘n wet wat ek op jou afdwing nie – slegs advies. Dit is ongelukkig waarin ons verval het, beide in ons persoonlike lewe en in die kerk.

As daar geen gevolge is as ek sonde doen, waarom sal ek dan heilig wil lewe? As mense wat sonde doen en ander wat dit nie doen nie, eendag dieselfde loon gaan ontvang, waarom moet ek heilig probeer wees?
Dis waaroor die Here gepraat het toe Hy gesê het: ‘Was jy maar liewer warm of koud, maar omdat jy lou is gaan Ek jou uitspoeg.’

God het Sy wette aan ons gegee, meestal om ons te beskerm, en nie om ons weg te hou van iets nie. Jou verhouding met God is altyd deur geloof en nie deur die wet nie. Wette is nie daar vir verhoudings nie.

Dit is slegs daar om ons te leer en ons te beskerm. Dit is slegs die wêreld wat vir jou kom sê: 'Jy kan maak wat jy wil'. Dis nie die waarheid nie. Jy kan nie net maak wat jy wil nie, dit gaan jou êrens in die moeilikheid bring.

Mense ons moet weet: Indien jy 'n wet oortree en jy reken dat jy net 1% skuldig is, gaan God jou vir 100% daarvoor verantwoordelik hou. Ons moet besef dat wette absoluut noodsaaklik is vir dissipline en orde. Wette moet gevolge hê.

Verhaal van die nuwe onderwyser in 'n skool.
'n Nuwe onderwyser het in 'n skool gekom en 'n klas gekry wat bekend was vir probleme. Dit was een van dáárdie klasse wat onderwysers gebreek het. Hulle het gekom en later opgegee en weggegaan. Hierdie man is deeglik gewaarsku teen hulle.

Die eerste dag het hy ingekom en voor in die klas gaan staan.
Die kinders het aanhou skreeu en raas en gemaak asof hulle nie eers weet hy is daar nie. Na 'n lang ruk raak hulle stil en kan hy begin praat. Sy eerste lesing was dat daar defnitiewe reëls in die klas moet wees en sekere strawwe vir sekere oortredings.

Hy sê toe aan hulle om 'n lys te gaan maak en daaroor te gaan dink en die volgende dag sal dit bespreek word.
Die klomp is daar weg met die idee dat dit maar dieselfde maklike pad met hierdie onderwyser gaan wees.

Die volgende dag was daar baie voorstelle.
Allerhande dinge is voorgestel en neergeskryf op die bord en daar was besprekings en daar is tot gestem oor sekere sake.
Daar was duidelik twee kampe in die klas: Die rykes en die armes, en almal het met mekaar gewedywer.

Een van die voorstelle was dat niemand mekaar se kos mag steel nie. Kosblikke is as belangrik gesien en niemand mag aan 'n ander kind se kos raak nie. As jy dit doen was die straf ses houe oor jou rug met 'n lat. Alles het vir die eerste week redelik rustig gegaan.

Die week daarna het een ryk voorbok skielik na pouse geskreeu dat iemand sy kos geëet het. Dadelik het die onderwyser opgetree en gevra: 'Wie het Jan se kos geneem?' Na 'n lang ruk het 'n skaam seun opgestaan en erken dat hy dit geneem het.

Toe die onderwyser hom vra waarom, antwoord hy: 'Ek het eergister laas geëet en was vanoggend naar van die honger. Ek is baie jammer ek het dit gedoen.'

Die onderwyser het gehou by die wet en gesê: 'Dis alles reg, maar jy moet gestraf word. Ses houe oor die rug met 'n lat.'
Hy sê vir hom: 'Trek uit jou baadjie en maak oop jou rug.'
Die seun smeek hom om hom nie voor die ander te slaan nie.
Die onderwyser sê egter dat 'n wet 'n wet is. Toe die seun sy baadjie uittrek het almal skielik gesien dat sy hemp so oud was dat dit nie eers 'n agterkant gehad het nie. Dis waaroor hy skaam was.

Skielik spring Jan op en sê: 'Meneer, ek weet hy het my kos geëet, maar ek wil vra of ek nie in sy plek die houe mag vat nie.'
Na 'n hele bespreking besef hulle dat daar nie 'n wet gemaak is wat dit verhoed nie. Omdat daar nie so 'n wet is, mag Jan die houe in die arm seun se plek vat. Jan trek sy baadjie uit en vat die ses houe op sy rug. Jan en die arm seun was daarna grootste vriende. Omdat die wette wat hulle neergelê nagekom is, was daar orde en dissipline. Liefde het tussen daardie kinders ingekom en hulle het saam met hierdie onderwyser in die skool gebly en almal het saam matriek gemaak.

* God het Sy wet vervul deur Jesus Christus. Dis moontlik omdat Jesus die pyn en die houe op Homself geneem het.
* In ruil daarvoor wil Hy jou lewe hê.
* Jesus Christus het ons kom terugbring na God se liefde.
* God het ons so lief dat Hy Sy Seun gestuur het om ons sonde weg te vat, om sodoende die wet van die hele wêreld te vervul.
* Die vraag is of ons bereid is om alles daarvoor te gee.

Ons mag nooit hierdie genade en die Bloed onder ons voete vertrap nie. Daar is 'n plek in 'n mens se hart wat gevorm en leeg bly, totdat God dit vul. Daardie plek sal vir ewig leeg bly en onvervuld wees totdat jy toelaat dat God dit met Sy liefde vul.

Daar is ook 'n plek in God se hart wat nes jy lyk.
Daardie plek sal ook leeg bly totdat jy dit gaan vul.
Jy vul dit egter nie met bekering nie – jy vul dit met liefde.
Ek en jy weet dat bekering nie outomaties liefde beteken nie.
Die plek wat in God is sal leeg bly, asook die pragtige romanse wat

Hy beplan het vir jou en vir Hom, totdat jy dit gaan vul.
Ons kan God se hart slegs met liefde tevrede stel en vul – onvoorwaardelike liefde.

Die werke van die kruis:
God se hele plan sluit in dat jy tot bekering moet kom. Daarna die deel wat ons moet doen, nl. die doop in water, om alles van die verlede af te was en te kruisig. Daarna die vervulling met Heilige Gees. Dit word genoem: ' Die werke van die kruis'.

Daarna volg **die weg van die kruis:**
Dit is die toerusting wat ons nodig het om hierdie pad wat ek nou gekies het, te kan bewandel totdat Jesus terugkom.
Dit is die heilgmaking wat ons moet nastreef.

Verhaal: Daar is 'n kind wat buite speel in modder en gemors en hy word vuil van sy kop tot sy tone.
Jy kom sê nou vir hom: 'Ek wil jou graag dorp toe neem. Gaan was nou en trek jouself mooi aan'.
Die kind is gehoorsaam. Hy was al die vuilheid af en trek skoon en nuwe klere aan.
Nou kom die keuse:
(1) Die kind besluit: Nou dat hy skoon is, is hy nie meer lus om dorp toe te gaan nie. Hy bly net waar hy is en vertel van tyd tot tyd vir andere hoe vuil hy was. Sy skoonheid bly ook nie lank nie.
Die gevolg is dat hy vir ewig 'n kind bly.
(2) Hierdie kind gaan saam dorp toe as 'n skoongewasde.

Hoeveel keer moet jy nog skoongewas word, om maar net weer terug te val?

Die werke van die kruis: Dis die bekering, die doop en vervulling met Heilige Gees wat jou skoon kry en jou in die hemel kry.
* Dit is die trourok wat Jesus vir jou kom gee.

Die **weg van die kruis** wat jy na bekering en vervulling bewandel, is dit wat die hemel in jou plaas.
* Dit is op watter manier jy jou trourok gaan dra.
Dit is nou moontlik vir jou om gelykvormig met Jesus te leef.
Eendag sal ons geoordeel word vir die graad waarin ons in hierdie doel geslaag het.

Jesus Christus was die eerste 'Father pleaser'.
Hy kom na ons toe terwyl ons in sonde is, red ons en plaas ons oppad hemel toe, om soos Hy te wees.
Ons sal eendag geoordeel word, nie oor verlede sondes nie, maar hoever ons gekom het met ons reis in heiligmaking.

Wat is die probleem op hierdie pad?
Dat jy geestelik gaan ingee as jy gaan voorgee dat jy verder op hierdie pad is, as wat jy regtig is.
Dis om vir mense dinge te sê, maar dit agteraf self nie te doen nie.

Moet nie mense na-aap nie. Moet nie die predikant se ou dingetjies aanleer en die geluide maak wat hy maak nie. God sê: Bly stil!
Ek het in my dae van kerkgaan eendag 'n jong man ontmoet wat besig was om te leer om 'n predikant te word.
Hy het altyd so 'n dik Bybel by hom gedra wat soveel los papiere en los blaaie en aantekeninge in gehad het.
Dit het 'n groot indruk op my gemaak. Ek het gedink: Sjoe, hierdie ou moet baie weet en ek is seker hy is so slim en weet alles van God. Maar, met tyd het ek geleer: Hoe verder jy gaan, hoe minder hoef jy iemand te probeer beïndruk.
Kies die weg van die kruis en wandel daarop.

.....

GOD SE GELOOF

1 Korinthiërs 12;
Paulus begin die hoofstuk met:
vers 1 **'**En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie.'

Vers 7–11;
'Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.
Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees.
Aan die ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees;
Aan 'n ander die werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale,

aan ‘n ander uitleg van tale. Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.’

Die sleutel van die werking van die gawes is **OPENBARING –** om iets oop te maak of vry te stel óf positiewe bonatuurlike manifestasie.

Heilige Gees self is onsigbaar as teenwoordig in ‘n gelowige. Maar wanneer hierdie gawes deur ‘n gelowige opereer, word die teenwoordigheid van Heilige Gees openbaar of gemanifesteer. Dit word dan sienbaar en die resultate kan met menslike sintuie gesien, gehoor of gevoel word.

Omdat hierdie gawes ‘n openbaring is, nie van die gelowige se persoonlikheid nie, maar van die persoon van Heilige Gees binne in hom, is dit alles bonatuurlik.
In elke geval van so ‘n openbaring is die resultate op ‘n baie hoër vlak as wat ons as mense dit ooit self kan doen.

Deur die gawes en deur die gelowige kom die Heilige Gees uit sy staat van onsigbaarheid uit, na ‘n toestand wat ‘n impak het op alles om hom. Ons bly die kanale waardeur die krag van Heilige Gees kan vloei.

Paulus kom sê vir ons hier twee belangrike dinge:
1. Alles wat so openbaar word, word uitsluitlik deur Heilige Gees gedoen en is ‘n teken van Sy doel vir elke gelowige.
Die menslike wil en vermoëns is nie die basis waarop die gawes ontvang word of opereer nie.
2. Hulle word gegee ‘met oog op wat nuttig is’ – vir ‘n praktiese, bruikbare doel.

Bob Mumford het altyd gesê: ‘The gifts of the Spirit are tools, not toys.’

Ons weet dat die nege gawes opgedeel word in **drie verskillende groepe:**
1. Drie gawes van spraak: Gawes wat opereer deur gelowiges se stembande: Profesie, tale en uitleg van tale.

2. Drie gawes van openbaring: Gawes wat geestelike gewaarwoordinge en openbaringe gee. Woorde van wysheid, woorde van kennis en onderskeiding van die geeste.

3. Drie gawes van kragwerkinge: Gawes wat God se bonatuurlike krag uitstal in die fisiese lewe.
Geloof, gawes van genesings en die werkinge van kragte.

JY MOET GOD SE GELOOF HÊ:

Die gawe van geloof is die eerste een van die gawes van God se kragwerkende gawes. Hierdie geloof word onderskei van ander vorms van geloof deurdat dit 'n sowereine, bonatuurlike openbaring van Heilige Gees is, wat deur 'n gelowige werk. Jy sal hierdie gawe van God se geloof ontvang en iets bonatuurlik daarmee kan doen.

VOORBEELDE UIT BYBEL:

Een: In ***Mattheus 21*** en ***Markus 11*** lees ons van Jesus op pad na Jerusalem saam met sy dissipels.

Hulle kom by die vyeboom wat nie vrug gedra het nie.
Toe Jesus geen vye aan die boom vind nie, sê Hy: ***Markus 11:14***
'Laat niemand ooit in der ewigheid van jou 'n vrug eet nie.'

Die volgende dag toe hulle weer daar verbygaan, sien hulle in verbasing, dat die vyeboom in 24 uur verdroog het.
Petrus sê in ***Markus 11:21;***
'Rabbi, kyk, die vyeboom wat u vervloek het, is verdroog.'

Jesus antwoord in ***vers 22;*** 'Julle moet geloof in God hê.'
In Grieks is die vertaling eintlik: 'Julle moet **God** se geloof hê.'

Dié geloof wat ons hier van praat, is spesiale geloof – geloof as 'n gawe. Dit het sy oorsprong in God, nie in mens nie.
Deur die gawe van geloof, kom Heilige Gees en plaas 'n deel van God se geloof direk en bonatuurlik in 'n gelowige.
Dis geloof op 'n goddelike vlak – hoog bokant wat ons gewoond is.

Toe Jesus vir sy dissipels gesê het: 'Julle moet God se geloof hê,' het Jesus hulle eintlik uitgedaag om hierdie tipe geloof te ontvang en toe te pas, net soos wat Hy gedoen het.Hy gaan aan en vertel aan hulle dat met so 'n geloof baie uitgevoer kan word.

Mattheus 21:21; 'Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het, en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: hef jou op en werp jou in die see, sal dit gebeur.'

In ***Markus 11:23*** praat Jesus ook oor hierdie tipe geloof met sy dissipels. Toe Hy die woord **'elkeen'** gebruik word dit dadelik 'n belofte en 'n moontlikheid vir alle gelowiges.

'want, voorwaar Ek sê vir julle dat **elkeen** wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat **hy** sê, sal gebeur – **hy** sal verkry net wat **hy** sê.'

Jesus plaas geen beperkinge op hierdie tipe geloof nie.
'Elkeen' en 'Hy' wat hierdie woorde spreek, kan resultate verwag.
Al wat belangrik is, is die soort geloof – dit moet God se eie geloof wees.

Twee: *Lukas 8:22-25;*

Jesus en Sy dissipels is per boot besig om oor die see van Galilea te vaar. Hulle word oorval deur 'n onnatuurlike storm en die boot wil sink. Hulle maak later vir Jesus wakker en roep: 'Meester, meester, ons vergaan!'

Hy staan toe op en bestraf die wind en die watergolwe en hulle het bedaar en daar het 'n stilte gekom.
Dis baie duidelik dat die geloof wat Jesus hier uitgeoefen het, nie op menslike vlak was nie. Normaalweg is wind en watergolwe nie onder menslike beheer nie.

Maar, in 'n oomblik van nood ontvang Jesus 'n werking van God se geloof in Sy lewe. Toe kon Hy met net 'n woord, presies doen wat slegs God alleen normaalweg kan doen.
Toe almal verbaas is, vra Jesus: 'Waar is julle geloof dan?'
Eintlik wou Hy sê: 'Maar julle kon dit mos sommer gedoen het!'
Jesus laat dit duidelik deurkom dat hulle in staat was om so iets te kon doen.

Waarom kon hulle nie?
Die Bybel sê duidelik: Die storm het vrees in hulle harte gebring.
Hierdie vrees was genoeg dat geen geloof daar kon funksioneer nie.
Jesus het sy hart oopgemaak vir die Vader en ontvang die bonatuurlike gawe van geloof van Hom, wat nodig was om met die storm af te reken. Ons sien hier nou weer dat Heilige Gees deur 'n mens Sy gawe kan openbaar in omstandighede, wat normaalweg nie so sou gewees het nie.
Die werking het weereens deur 'n gelowige gekom en was sigbaar.

Drie: Kwaliteit, nie kwantiteit nie:

Kort daarna sien Jesus ander soort storm: ‘n kind met ‘n erge epileptiese aanval. Die maansieke kind. ***Mattheus 17:14-21.*** Hy hanteer dit presies soos met die storm op die see. Hy spreek een woord met outoriteit en dit dryf die bose gees uit die seun uit.

Toe sy dissipels later vra waarom hulle nie die bose gees kon uitjaag nie, antwoord Jesus: ‘Deur julle ongeloof.’
Hy gaan aan om te sê: ‘As julle die geloof het soos ‘n mosterd-saad, sal julle vir hierdie berg sê: gaan weg hiervandaan daarna toe, en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie.’
Hier sien ons dat geloof maar net so klein kan wees soos ‘n mos-terdsaad, dit kan veel vermag. Ons moet self begin optree en nie wag vier iemand anders met geloof nie. Dit is nie hoe groot jou geloof is nie (kwantiteit), maar die kwaliteit daarvan.
Kwaliteit geloof, so groot soos ‘n saadjie, kan ‘n berg laat wankel!

Vier:

Aan die einde van Sy bediening, by die graf van Lasarus, demonstreer Jesus weereens die krag van die gesproke woord met hierdie gawe van geloof. Hy roep hard uit: ‘Lasarus kom uit!’
Hierdie opdrag, vol van die energie van bonatuurlike geloof, laat die dooie man opstaan en uitstap uit sy graf uit.

Vyf:

Hierdie kragdimensie van geloof sien ons ook by die skepping van die aarde. ***Psalm 33:6 & 9;***

‘Deur die Woord van die Here is die hemele gemaak, want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan.’

God se gesproke woord, vol van energie van Sy Gees, was die effektiewe krag in die skepping.

Belangrik nou: Wanneer die gawe van geloof opereer, word ‘n mens vir ‘n tydjie die kanaal van God se eie geloof.
Die persoon wat dit doen of spreek is nie werklik die belangrikste nie, die geloof is.
Dit is God se eie geloof in werking – dit is ewe effektief: of die woorde deur God self gespreek word, óf deur die krag van die Gees deur die mond van ‘n gelowige.

Wanneer ‘n gelowige opereer met hierdie goddelike geloof, is sy woorde net so effektief soos God s’n, asof Hy dit sou sê.

Al hierdie voorbeelde is bewys van bonatuurlike geloof, wat uitgedruk is in die vorm van woorde of dade.
Deur ‘n gesproke woord, het Jesus die vyeboom laat verdroog, die storm stil gemaak, die bose gees uit die seun uitgejaag en vir Lasarus uit die dood laat opstaan.

In ***Markus 11:23*** het Hy sy belofte hiervan na ons almal toe uitgegee toe Hy gesê het: ‘Elkeen wat dit doen..’

Soms is gesproke woorde **in gebed** die kanaal waardeur die gawe van geloof kan beweeg.
Jakobus 5:15 sê: ‘En die gebed van geloof sal die kranke red.’

Is daar enige twyfel aan die effektiwiteit van die gebed hier genoem? Nee, die resultate is dan gewaarborg.
Gebed met dié tipe van Goddelike geloof, is onweerstaanbaar.
Geen siekte of enige ander toestand wat teen God se wil is, kan hierteen staande bly nie.

Maar, hierdie tipe geloof werk defnitief nie net in woorde nie.

Dit was hierdie bonatuurlike gawe van geloof wat Jesus in staat gestel het om op die water te loop op die see van Galilea.
Hy het nie nodig gehad om te praat nie – Hy het net eenvoudig geloop op die water.

Toe Petrus gevra het om saam te loop en Jesus se voorbeeld te volg, het Jesus dieselfde tipe geloof uitgeoefen en was dit vir Petrus moontlik om presies te doen wat Jesus gedoen het.
Dit het gewerk totdat hy weggekyk het van Jesus, na die golwe.
Skielik het die geloof verdwyn toe vrees inkom en hy het begin sink.

Wat sê Jesus vir hom? ‘Kleingelowige, waarom het jy in My getwyfel?’ Jesus het niks gesê omdat Petrus saam met hom wou geloop het nie, maar gepraat omdat hy halfpad geloof verloor het.

Ek glo dat elke gelowige hier diep binne in hom al gewonder het of hy op water sal kan loop.

Ek glo werklik dat God self daardie begeerte hier in ons plaas.
Hy wil defnitief vir ons daardie geloof gee om dit te doen en moedig ons eintlik aan om dit te doen. Hy is slegs teleurgestel as ons nie lank genoeg kan vashou aan hierdie geloof nie.

GOD BEHOU DIE INISIATIEF:

Wanneer bonatuurlike geloof gegee word in 'n spesifieke situasie om 'n spesifieke doel te bereik, bly dit direk onder God se beheer want dit bly God se geloof.
Hy gee of hou terug, volgens Sy eie keuse.

Geloof as 'n gawe is soos al die ander gawes en Paulus som dit so op: ***1 Korinthiërs 12:11;*** 'Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.'

Nooit sal dit onder mens se direkte beheer wees nie, maar die inisiatief bly by God.
Hierdie was presies dieselfde in die bediening van Jesus Christus. Hy het nie elke vylose boom laat verdor nie, ook nie elke storm op see stilgemaak nie, ook nie al die dooies laat opstaan uit hulle grafte nie en ook verseker nie altyd op water geloop nie.

Jesus was baie gesteld daarop om altyd die inisiatief in die hande van Sy Vader te laat.
In ***Johannes 5:19*** sê Hy: 'Die Seun kan niks uit homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat die Vader doen, dit doen die Seun ook net so.'

Die inisiatief bly by die Vader. Ek glo ons moet baie sensitief wees in ons verhouding met Vader – net soos Jesus was.
Die gawe van geloof is nie ons s'n om net te beveel nie – en defnitief is dit nie daar om ons persoonlike behoeftes te bevredig nie.

OPSOMMING:

Ons sien die gawe van geloof hier as een van die nege gawes van die Heilige Gees in werking. Al die manifestasies van die gawes werk deur gelowiges en is beskikbaar vir almal wat glo.

Met die gawe van geloof plaas Heilige Gees 'n deel van God se eie geloof, as 'n gawe, in die gelowige. Hierdie geloof is ver bokant die normale geloof van 'n mens en is veel kragtiger.

Waar ons met ons eie geloof sukkel om iets reg te kry, is slegs 'n klein deeltjie – so groot soos 'n mosterdsaad **van hierdie geloof** nodig, om berge te versit!

Dié gawe van geloof kan dan deur die gelowige werk as:
'n Gesproke woord of as 'n gebed. Die gesproke woord kan dan alles vermag wat ons alreeds bespreek het.

God het in 'n mens die behoefte geplaas om in hierdie krag te beweeg. Soos wat ons God vertrou hiervoor, so sal dit aan ons gegee word, onder Heilige Gees se leiding.

.....

OM GOD SE STEM TE HOOR

Die grootste deurbrake met intimiteit kom wanneer ons God se stem kan hoor. Die tyd waarin ons moeite moet doen om te luister.

Habakkuk 2:1-2;
'Op my wagtoring wil ek gaan staan en op 'n skansmuur my stel, en ek wil speur om te sien wat Hy in my sal spreek, en wat ek op my klagte moet antwoord.
Toe antwoord die HERE my en sê: Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle dit in die verbygaan kan lees.'

Hier is duidelik vier sleutels om God se stem te hoor.

1. 'Op my wagtoring wil ek gaan staan.'
Daar is defnitief 'n aanduiding hier dat Habakkuk in die Gees is.
Dit beteken om 'n spesifieke plek te kry waar jy altyd stil kan word voor God om Sy aangesig te soek.

2. 'Ek wil speur om te sien.'
Leer om te visualiseer as jy bid.
Plaas jouself in 'n posisie om te kan sien wat God vir jou wil wys.

3. 'Wat Hy in my sal spreek.'
Die spontane vloei van gedagtes van Hom, in my gedagtes in.

4. 'Die Here sê: "Skryf die gesig op".'
Skryf elke gedagte en prent wat jy sien op.

Ek moet dit kan regkry om innerlik stil te word en God toe te laat om met my te praat.

Belangrike punte:

1. Die meeste mense kan innerlik stil raak en ontvang as hulle in aanbidding is, óf as hulle sing in die Gees en sommiges as hulle net stil sit en die Woord lees en daaroor mediteer.
Die oomblik as ek alles om my stil kry, sal ek van binne ook stil wees.
2. Sien jouself nou praat met Jesus. Die oomblik as dit gebeur begin my verstand aktief raak. Dit vergroot my geloof en kry gewoonlik dan my eie gedagtes uit die pad uit.
3. ***1 Korinthiërs 2:9,10***
'Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.'
God spreek Sy gedagtes deur Sy Gees in my hart in.
4. ***1 Korinthiërs 6:17***
'Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom'.
Sy Gees is één met my gees.
5. Terwyl ek sit om God se stem te hoor, sal gedagtes en gevoelens vloei van uit Heilige Gees, na my eie gees toe.
Dit gaan direk in my in en word registreer in my gedagtes.
6. My gedagtes word nou beheer deur my aksie om die gedagtes en visies neer te skryf.
Dit keer dat ek nie vergeet wat gebeur het nie en so bou dit my geloof en my gehoorsaamheid. kan net vrylik sit en skryf, want ek kan dit altyd later weer toets.
7. As ek 'n begeerte het dat God met my moet praat, moet ek nie luister en kyk na buite toe nie, maar na binne, na my eie gees toe.
As jy eers hier is, wag soms net 'n oomblik en fokus suiwer op Jesus, Hy sal die regte volgende gedagte in jou plaas.
Dit sal deur jou gees in jou inkom.

Sommiges in die kerk het die Woord van God afgemaak deur hul eie tradisies.

Markus 7:7-9;
'Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: soos die wassery van kanne en bekers, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie.

En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou.'
Ons moet nooit 'n bonatuurlike ding wat met ons gebeur verlore laat gaan nie. Wees altyd op jou hoede om nie toe te laat dat die patroon waarvolgens jy leef, jou beïnvloed nie.

PRAKTIES:

1. Herken God se stem as 'n spontane vloei in jou in.

Gedagtes wat uit my verstand kom, moet ontleed word.
Moet jou nie daardeur laat beheer nie.

Gedagtes wat uit my hart kom, is spontaan. Hulle vloei vanself.
Gedagtes wat uit jou hart kom is soos jou eie gedagtes.
Dit kan soms net maklik vloei soos God dit vir jou gee.
Sulke gedagtes is normaalweg op 'n hoër vlak en meer vol liefde as jou eie gedagtes. Dit sal daarom iets spesiaals aan jou doen, bv 'n gevoel van opwinding, of 'n gevoel om te bely, of vol geloof of of vol vrede. Soos jy gewoond raak aan God se stem sal dit makliker word.

Dis so belangrik om te weet dat God al die tyd met jou praat en jy ontvang daardie ingespuite gedagtes die hele tyd.
Daar moet egter 'n dag kom waar jy besef dit kom van Hom af en dis nie jou eie gedagtes nie.
Die fout is: God is besig om met ons te praat, maar ons weet nie dis Hy nie. Ons dink dis maar net ons eie gedagtes.

2. Word stil in Sy teenwoordigheid.

In die Psalms staan: 'Wees stil en weet dat Ek God is'.
Waarvoor moet ek oppas?
* Gedagtes oor goed wat jy nog moet gaan doen.
* Gedagtes van skuldgevoelens.
* Jou verstand dink aan honderd ander dinge.

Wat moet ek doen?
* Skryf neer alles wat God sê.
* Fokus en konsentreer te volle op Jesus.
* Jy kan begin sing of in tale praat.

Dis so belangrik om te weet dat God gewoonlik met jou praat terwyl jy alledaagse dinge doen soos bad of stort, werk toe ry of oefening doen.

3. Kyk of jy nie ‘n visie kan sien terwyl jy bid nie en gebruik jou kapasiteit om iets te kan sien.

‘n Groot deel hiervan kan uit drome ook bestaan.
Vergroot jou kapasitiet om dinge te sien.

* Jy kan normaalweg iets sien as jy daaroor praat.

As ek vir jou sê: ‘Hond’, is dit maklik om ‘n prent van ‘n hond te sien. Begin nou om te kyk of jy nie geestelike woorde kan sien ‘n werklikheid word nie.

* Werklike leraars kan iets aan jou so verduidelik dat dit vir jou ‘n werklikheid kan word. Jy kan later ‘sien’ waaroor hy praat en dus maak dit ‘n baie groter impak op jou.
* Soms moet jy probeer om ‘n visie te sien terwyl jy sing of aanbid.
* Ons sal meer visies sien as ons leer hoe om informasie in prentjies te sien. Sekere persone kan ‘n visie sien van ‘n voltooide werk nog voordat dit klaar gemaak is.

Om altyd in ‘n posisie te kom om God se stem te hoor en visies te sien, is nie vir almal dieselfde nie.
Sekere persone moet ‘n roetine volg wat aan hulle bekend is, om dit reg te kry. Ander weer kan net op hulle intuïsie staatmaak daarvoor. Hierdie mense kan net kyk om te sien, en sien.

Daar is sekere families wat so ingestel is op hierdie dinge dat hulle elke oggend met ontbyt bespreek wat hulle gedroom en gesien het. Vir hulle is dit ‘n natuurlike deel van hul lewe.
Omdat hierdie nie die norm van die lewe is nie, het soveel bo-natuurlike dinge verlore gegaan.
‘n Ander gevaar is die vrees wat soms ontwikkel dat hierdie eintlik ‘n Oosterse ding is en daarom gevaarlik is.
Gebruik net jou gesonde verstand asb.

Ons moet elkeen vir God vra:
‘Here, hoe belangrik is dit om die oë van my hart te gebruik?’
‘Hoe het ek hulle tot nou toe gebruik?
‘Here, hoe wil U hê moet ek hulle gebruik?’

Gaan sit nou op ‘n stoel en sien jou en Jesus soos in ‘n Bybelverhaal. Hy sit oorkant jou. Fokus nou op Jesus en geniet Sy teenwoordigheid. Vra nou vir Hom hierdie drie vrae. Bly in geloof. Na Sy antwoord staan op en sê: ‘Dankie Here’.

4. Skryf jou gebede en Sy antwoorde neer.
Daar is boeke in die Bybel wat voorbeelde is van neergeskryfde openbaring: Psalms en Openbaring.

.....

DIE PAD NA HEERLIKHEID

Ons vind vir Petrus waar hy op Pinksterdag besig is om met die volk te praat. Ons is in die dae direk na die hemelvaart van Jesus Christus.

Handelinge 2:37 en 38;
'Toe hulle sy woorde hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang'.

Wat het Petrus hier bedoel toe hy gesê het: 'En julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang'?
Hy het hier gladnie verwys na die nege gawes van Heilige Gees nie. Hy het bedoel om Heilige Gees self te ontvang, om deur Hom vervul te word met Sy teenwoordigheid en krag.

Vandag heers daar nog soveel verwarring in die kerk of ons werklik nog vervul moet word deur Heilige Gees, terwyl dit in die dae van die eerste kerk 'n algemene ding was.

Daar is egter 'n pad na die heerlikheid van God.
Ek sê dikwels: En daar is nie kortpaaie nie.
Na bekering het waterdoop gevolg en daarna is hande op die persone gelê en hulle het die vervulling met Heilige Gees deelagtig geword. Die resultaat van hierdie vervulling was dat daar spreking in tale was, lofprysing of profesie. Dit het alles gedien as bevestiging dat God in hierdie persoon se lewe besig was.

Daar is egter vandag in die kerk soveel verskillende uitsprake oor die vervulling met Heilige Gees.
1. Die eerste groep van kerke ontken dat dit nodig is vir ons om vervul te word met Heilige Gees.
Hulle is van mening dat Heilige Gees alreeds in die kerk en in die wêreld werksaam is en dat dit genoeg is.

2. Die tweede groep is kerke wat doodeenvoudig glo dat daar gladnie so iets soos vervulling met Heilige Gees bestaan nie. Hulle glo dat elkeen wat in Jesus glo, Heilige Gees in hom/haar het.
3. Sekere kerke sal jou wil oortuig dat mense alreeds by die suigelingdoop of by die doop, Heilige Gees ontvang het.

Daar is soveel onsekerheid. Wat sê die Bybel?
In die gelese deel van Petrus staan dat om Heilige Gees deelagtig te word, dit belangrik is om sekere stappe in gehoorsaamheid te volg:

1. Wedergeboorte en deeglike sondebelydenis.
Dit vorm die begin van jou geestelike geboorte.
Sondebelydenis moet volledig wees en dit sluit ook in om verlos te word van die bose, as dit nodig is. Jy moet ten volle uit jou verlede stap om 'n nuwe mens te kan word.
2. Jy moet seker maak of jy werklik Jesus Christus as Verlosser en Here van jou lewe in die geloof aanvaar het. Hierdie is die stap van geloof. Maak seker dat dit jou persoonlike belydenis is.
Al hoe jy weet dat dit so is, is wanneer ander mense dit in jou lewe kan sien en jy die vrymoedidgheid het om dit in die publiek te bely.
3. Waterdoop – nou as 'n bekeerde persoon.

Handelinge 2:38;
* 'Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word.'
Doop na bekering.
* ***Markus 16:16;*** Jesus sê: 'Hy wat glo en hom laat doop...'
* Ook sê Ananias vir Paulus na sy wedergeboorte in ***Handelinge 22:16***; 'En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep'.

4. Na hierdie stappe volg die vierde element van 'n normale Christelike geboorte, naamlik die ontvang en vervulling met Heilige Gees.

Dit is so dat baie van ons 'n werklike geloofspad met die Here Jesus tot hier toe in ons lewens geloop het. Ons het die evangelie gehoor en daarop reageer in sondebelydenis en bekering.
Ons het die Here Jesus Christus in geloof as ons persoonlike

Saligmaker aanvaar. Maar, dis nie al nie. Dit is so belangrik dat ons die bybelse doop moet ondergaan.

Die naam 'Christus' beteken die 'Gesalde Een'.
Hy is die een wat ons doop en vervul met Heilige Gees.
Op 'n dag byna 30 jaar na Sy geboorte verskyn Hy in die openbaar, halflyf in die water van die Jordaanrivier. Hy is hier om deur Johannes die Doper gedoop te word. Jesus sê vir hom: 'Op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen'.

Nadat Jesus gedoop is het die hemel oopgegaan en Heilige Gees het in 'n sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal en Vader God het gepraat uit die hemel uit.
Wie was Jesus nou? Gedoop in water, vervul en toegerus deur Heilige Gees en Hy kon sy 3-jaar lange openbare bediening op aarde begin.

Vervulling met Heilige Gees is altyd salwing en bonatuurlike toerusting vir 'n bediening, as mens van God op aarde.

Na bediening van drie jaar saam met Jesus op aarde het Sy dissipels alreeds die eerste drie stappe van geestelike geboorte gestap, naamlik sondebelydenis, geloof en doop.
Net voor Sy hemelvaart gee Jesus aan hulle 'n belofte en 'n opdrag om te wag vir die belofte van die Vader.

Jesus sê vir hulle:
'Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie'.
'Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde'

'n Deel van die ontvangs van die vervulling met Heilige Gees lê ook in die 'vat' daarvan.
Heilige Gees forseer niemand om dinge te doen
of dinge te sê, sonder jou medewerking nie.

As 'n persoon nog nie die vervulling met Heilige Gees ontvang het nie, beteken dit nie vir een oomblik dat Heilige Gees nog nie tot hier toe in jou lewe gewerk het nie. Ons kan nooit wat Heilige Gees oor die jare reeds in ons lewens gedoen het, bloot net afmaak as niks nie.Heilige Gees was heeltyd by jou, of jy dit nou besef of nie.

Ons sien dit ook in die lewe van die dissipels.
Dis duidelik dat Heilige Gees geen vreemdeling vir hulle was, selfs voor die dag van Pinkster nie.

Hulle kon al voor Pinksterdag teenoor ander mense getuig oor Jesus en het self vir mense gebid, wonderwerke gedoen en selfs bevryding gedoen.
Toe die maansiek-kind by Jesus was, vra hulle: 'Hoekom kon ons nie dié gees uitdryf nie?' Hulle was aktief besig gewees.
Maar vriend, daar is nog soveel wat ons moet ontdek.

Wat gebeur op Pinksterdag toe almal vervul word met Heilige Gees? Daar was 'n magtige manifestasie van die uitstorting van die Gees. Na dit alles was sekere goed duidelik:
Daar was 'n duidelike verskil tussen 'n Christen vóór Pinkster en 'n gedoopte, Geesvervulde Christen na Pinkster.
Daar was defnitief tekens van 'n lewendige, persoonlike verhouding met God – deur Heilige Gees.

Ons moet besef dat hulle in die bo-vertrek ingestap het, en totaal anders daar uitgestap het. Hulle was bewus van 'n oorvloedige lewe en van bonatuurlike krag wat tot hulle beskikking was.
Petrus en Johannes was eenvoudige mense, maar hulle was nou anders. God getuig nou deur hulle met tekens en wonders van Sy teenwoordigheid.

Om vervul te word met Heilige Gees is nie net iets wat gebeur en dan is dit vir ewig verby nie. Nee, God begin nou beweeg en hou aan beweeg en werk in en deur jou.
Dis gewoonlik die begin van 'n nuwe lewenswyse en selfs 'n nuwe bediening in jou lewe. Jy word 'n sterker instrument in die hand van die Here en ander mense kom dit agter.

.....

JOU OORGAWE EN GELOOF

Geloof is nie 'n eenvoudige taak nie.
Dis 'n waagstuk om te glo dat God wel bestaan, sonder dat jy dit net kan bewys. Jy leer later dat jy die vermoë moet ontwikkel in

jou, om te kan bewys dat God wel bestaan.
Daar is egter altyd ‘n prys om te betaal en ‘n oorgawe om te maak.

Oswald Chambers het gesê:
‘As jy die hele tyd berekenings moet maak om te sien wat jy moet opgee om Jesus te volg, en as jy die hele tyd moet dink of dit die moeite werd is om Hom te dien, moet dan liewer nooit sê jy is lief vir Hom nie. Jesus vra vir jou om alles oor te gee aan Hom – en dis jouself.’

Om oor te gee beteken dat jy moet erken jy is oorwin. Dis die posisie waarin jy jou swakheid kan erken en nederig kan wees.
Jy het nie meer outoriteit oor jouself nie – dít behoort ook nou aan Hom. As jy besef jy is van alles gestroop wat net aan jou behoort het, is jy op die wenpad.
Dis die begin van baie oorwinnings in Sy Naam. Nou kan Hy sy heerlikheid in jou plaas en jou die krag gee om Sy planne vir jou waar te maak. Dis die begin van die krag en die teenwoordigheid van God in jou.
Mense, ons kan nie net gewone kerkbank-christene bly nie!

Om geloof te hê in ‘n hoër dimensie, is ons doel vir die nuwe jaar.
Om te begin glo dit gáán met my gebeur.
Geloof is altyd ‘n geskenk, ‘n gawe wat God aan jou gee.
Jy moet net van jou kant af iets doen – jy moet jou hande uitsteek en die geskenk aanvaar.
Die kans is ongelukkig baie groot dat as jy nie jou hande gaan uitsteek nie, jy dit nooit gaan kry nie.

‘n Hoër dimensie van geloof is om dit wat jy ervaar, net te begin uitspreek. Elke keer as jy woorde van geloof uitspreek, hoor jy jouself en belangrik, God hoor jou.
Maar, as jy nie woorde van geloof spreek nie, hoor net jy jouself, God hoor dit nie.

Jesus is by die familie en Lasarus is in die graf.

Johannes 11:41-42;

‘En Jesus het sy oë opgeslaan en gesê: Vader, Ek dank U dat U My verhoor het; en Ek het geweet dat U My altyd verhoor’.

Die Bybel sê Hy het sy oë opgeslaan en na God die Vader geroep in geloof. Nie net geroep nie. Geroep in geloof.

Wanneer jy nie in geloof uitroep nie, hoor God jou nie. Jy moet roep met die wete en die verwagting dat dit beantwoord sal word. In hierdie geval het Jesus in geloof geroep en dis waarom God Hom gehoor het.
As jy nie deur God gehoor word nie, sal jy verseker deur Satan gehoor word. Satan sit net en wag vir jou halfhartige uitroep, sodat hy dit kan kanselleer en jou geloof daardeur kan verminder.

Wat sê Jesus?: 'Ek dank U dat U My gehoor het en Ek weet dat U my altyd hoor as Ek vra.'

1. Jesus sê hier dankie aan God vir iets wat Hy nog nie eers ontvang het nie. U moet let dat in hierdie stadium het Jesus nog niks van die Vader gevra nie, Hy het Hom nog net dankie gesê dat Hy Hom verhoor het.
2. Hier spreek Jesus Sy waardering uit dat Vader Hom nog altyd gehoor het - nog altyd vir Hom lief is en nog altyd vir Hom omgee.

Sien jy wat die hoër vlak van geloof beteken?
Dit was die tipe geloof wat Jesus in Sy Vader gehad het. Dis die tipe van geloof wat Hy verlang van ons as ons iets vir Hom vra.

Toe Jesus gesê het: 'Ek dank U', het Hy nog niks gevra nie.
Tog was Hy al besig om dankie te sê dat Vader Hom altyd hoor.
Dis verseker die vlak waarheen ons moet beweeg.

Hoe werk dit in praktyk?
Hoeveel van ons wat vandag siek is, kan sê: 'Vader, dankie dat U my sal gesond maak', terwyl jy nog in pyn is?
Onthou, Lasarus was nog in die graf toe Jesus gesê het: 'Dankie dat die dooie lewendig gaan word.'

Hoeveel van ons wat arm is vandag kan sê: 'Dankie Here dat u my gaan seën en vir my voorsien', terwyl jy nog in armoede is?
Dit bly die praktiese manier hoe om op 'n hoër vlak van geloof te bid.
Elke keer as jy wil bid, maak seker dat jy eers dankie sê vir God vir wat jy gaan ontvang, voordat jy vra.
Elke keer as jy bid moet jou gebed gevolg word deur 'n absolute vertroue in God dat Hy nou besig is om die antwoord op jou probleem uit te werk. As jy dan op die einde sê: 'In Jesus se

Naam', moet jy dadelik ook sê: 'Dankie Vader, ek glo dat U my gebed sal verhoor'.

Geloof beteken dan dat jy ten volle moet glo dat Hy die gebed sal verhoor. Moet nie eers wag vir die antwoord voordat jy glo nie!

Hierdie is die tipe geloof wat Jesus in Sy Vader gehad het.
Dis die tipe geloof wat Jesus wil hê ek en jy ook in Hom moet hê.

Die enigste manier hoe Jesus terwyl Hy op aarde was, in hierdie hoër vlak van geloof kon beweeg, is dat Hy nie gefokus het net op wat Hy kon sien nie. Hy het verseker gefokus op die onsienlike. Daar is 'n dimensie wat oop en beskikbaar is vir elkeen van ons. Hierdie jaar moet ons net in daardie hoër vlak begin beweeg.

Jesus was verseker nie bekommerd oor die lyk in die graf nie – Hy het verder as dit gesien.
Aan die anderkant van Lasarus was lewe, en dis wat Hy gesien het.

Toe daar vir Daniël in die hemel gevra is of hy bang was vir die leeukuil, was sy antwoord: 'Ek was nie vir 'n oomblik bang nie. Ek het in geloof voor die tyd gesien hoe die leeus se bekke toegesluit gaan word. So, ek is daar in met die geloof en die wete: Hier gaan ek weer uitkom.'

Ons sien net waarna ons kyk – dis die tydelike. Dit wat onsienlik is, is die ewige. Jesus sien die lewe in Lasarus, maar niemand anders kon dit sien nie. In die gees sien Hy hom lewendig – dis waarom Hy al kon dankie sê!

2 Korinthiërs 5:7;
'Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie'.

2 Kointhiërs 4:18;
'Omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.'

Wat ons sien is die dooie liggaam van Lasarus.
Aan die anderkant van die liggaam was lewe.
Maar omdat die gewone mense nie kon sien waarna Jesus gekyk het nie, het hulle gedink Hy is nie ernstig genoeg nie.

Nog voordat Jesus na Lasarus se familie toe gegaan het, het Hy geweet Lasarus sal opstaan.

Hoe? Hy het hom toe alreeds lewendig gesien. Wanneer het Lasarus lewend geword? Die oomblik toe Jesus hom lewend gesien het, al het hy nog in die graf gelê.
Dis hoekom Jesus alreeds vir God kon dankie sê!

Geloof bly soos 'n boer wat uitgaan en saad saai.
Hy wag nie om die blaartjies te sien nie, hy glo die saad sal groei, want hy het dit goed geplant.

As mense van geloof moet jy nie na die grootte van jou probleem kyk nie. Moet nie na die sienlike kyk nie, of wat jy gehoor het of gelees het, of wat ander vir jou vertel het nie.

Hoe moet ons dit wat sienlik is verander na die onsienlike?
Deur jou saak te ondersoek in die lig van God se Woord.

Jesus het die liggaam van Lasarus lewendig gesien en dit toe na God se Woord gebring en gevra: Wat wys U vir My Vader?
Die Woord sê: 'Gaan maak die dooies lewendig!' en dis hoekom Hy kon dankie sê.

Mense, ons moet meer in die Gees sien! Jou verbeelding speel so 'n groot rol hier. Sien dit in jou verbeelding. Sien die prentjie.
As jy dit kan sien, kan dit in jou hart bewaarheid word.
Sien jou genesing! Sien jou seëninge! Sien jou oes inkom!

Daar is 'n spreuk wat sê: 'Ek sien haar wen!'
Dis hoe positief ons moet wees. Sien in jou verbeelding jou probleem verdwyn. Sien in jou verbeelding jou genesing.

Mense van geloof moet by die punt uitkom waar ons kan sien dit wat gewone mense nie kan sien nie.

Ons sal nooit die mense wees wat die wonderwerke doen nie – nee, God doen dit deur jou en my.
Kom net by daardie punt uit.

Efesiërs 2:8-9;

'Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;
nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.'

Vraag: Hoekom kyk ons net na sienlike dinge? Hoekom sien ons nie verder nie?
Maak in jou verbeelding jou oë oop en sien jouself wen, want mense van geloof kyk na die onsienlike. Hulle sien wat ander nie kan nie – hulle sien die buitengewone! As jy dit doen maak die grootte van jou probleem nie meer saak nie.
Dis wat die Bybel kom sê het: Ons is nog in hierdie wêreld, maar ons kyk nie na dié wêreld nie, maar na die onsienlike.

Johannes 11:21-22; **'**En Martha sê vir Jesus: Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie.
Maar selfs nou weet ek dat alles wat U van God vra, God U sal gee'.

Hier is die geloof aan die kant van 'die soeker'.
Martha wys hier haar groot geloof, terwyl ander gehuil het.
Sy het nie net wanhopig gesmeek 'Man van God, help ons' nie.

Johannes 11:40;
'Jesus sê vir haar: Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?'

Toe Jesus hierdie geloof sien en omdat Hy lief was vir hulle, het Hy geween. Hy het verseker nie gehuil omdat hy nie geweet het wat om te doen nie.

As ons so kan optree, sal ons ook kan sê wat die Woord sê:
Laat die sieke sê: 'Ek is gesond!'
Laat die gevangene sê: 'Ek is vry!'
Laat dié wat swak is sê: 'Ek is sterk!'
Laat dié wat arm is sê: 'Ek is geseënd!'

Moet nie wag vir resultate voordat jy glo nie.
Wanneer die Woord van God sê: 'Wees vry!', moet nie wag totdat jou vryheid eendag kom en dan eers glo nie!
Stap uit en spreek hierdie geloof in jou lewe in.
Weet dat God al die pad saam met jou is!

.....

JY MOET VOLUIT LEWE

Jy moet daagliks kies om voluit te lewe.
Ons kan nie net afhanklik wees van die hoogtepunte wat ons op konferensies of in groot byeenkomste beleef nie.
Ons daaglikse lewe word nie uitgeleef net in sulke plekke nie – ons benodig 'n volwasse verhouding met Christus deur die dissipline van gereelde intimiteit.
Ons word verseker opgeroep tot 'n radikale lewe in Christus.
Dit lei ongelukkig so baie tot verwerping en skinder – en soms word ons die teikens van soveel kritiek en soms van haat.

Dis nie ongewoon dat ons soms voel om op te hou nie.
Die grootste teenstand kom van mense in die kerk af!
Onthou: Werklike oorwinnaars is gewone mense, hulle veg net vyf minute langer.

Statistiek toon dat die meeste mense ophou om te leer na die ouderdom van veertig.
Hulle lewe dan net op wat hulle alreeds voorheen geleer het ipv. om aanhoudend te groei in diepte en geestelikheid en kennis.

Ons moet aanhou groei om die volle prys te kan ontvang.
Paulus skryf aan sy jong vennoot Thimoteus in die dae toe hy begin oud word en deur beproewinge gaan:

2 Timotheus 4:7-8;

'Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het.'

Kies om voluit te lewe – radikaal:

Deuternomium 30:19;

'Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag.'

Kies lewe! My toekoms is nie 'n kans wat ek vat nie maar 'n keuse wat ek uitoefen.
Ons het elkeen net een lewe hier op aarde.

Paulus doen ‘n beroep op ons in ***Efesieërs 5:16;*** en sê:
‘en koop die tyd uit, omdat die dae boos is.’

Op die ou einde moet elkeen van ons tevrede kan terugkyk:
* oor uitdagings wat ons geneem het,
* oor gawes wat reg aangewend is,
* oor terugslae wat oorkom is,
* oor ander mense se lewens wat ons aangeraak en verander het,
* en oor ons roeping wat vervul is.

Wat dan is die sukses van ‘n groep mense soos ons?
1. Elkeen hier moet volkome regverdig voor God kan staan – sonder gewoonte-sonde in jou lewe.
2. As die kerngroep dit nie kan doen nie, sal daar van hierdie hele poging niks kom nie.
3. Bid aanhoudend totdat God die vensters van die hemel vir julle opmaak.
4. Laat elkeen hier homself vir God gewillig stel om gebruik te kan word – soos wat God wil.

Dietrich Bonhoeffer, ‘n Duitser, sê: ‘Wanneer God ‘n mens roep, kom sê Hy: ‘Kom, en gaan dood aan jouself’.

Dis die uitdaging:
As jy nog nie iets gekry het om voor dood te gaan nie, dan het jy nog nie iets gekry om voor te lewe nie.
Die prys is so groot. Die aanslag geweldig.
Daar was meer martelare vir Christus die afgelope honderd jaar as almal in die vorige eeue tesame.
Ons broers en susters in die wêreld, word daagliks doodgemaak onder regerings en in lande wat vyandig teenoor Jesus staan.

Ek het ‘n keuse gemaak om nie te op te hou om te lewe nie.
Ons almal begin die lewe om in die vlees gebore te word.
Daarna kom daar ‘n dag waar jy ook in die Gees gebore word.
Nou is jy ‘n kind van God en moet jy keuses maak om voluit te leef.
Dié wat slegs in die vlees gebore word, sal sterf, maar dié wat in die Gees gebore word, sal vir ewig lewe.
Dis die blye versekering waarop ons kan vertrou.

Die wêreld bied vandag in kontras daarmee ‘n lewe van onsekerheid. Gewoonlik is hulle sonder hoop – en sonder God.
In my eie lewe is dit hierdie hoop wat my laat aanhou het.
Op die ou einde sal jy agterkom dat jy gewen het net omdat jy dwarsdeur jou lewe kon sê: ‘Vader, laat U wil geskied’.

Daar is baie mense wat alles in hulle lewens verloor het – deur oorloë en deur aanslae. Een ou man het eendag gesê:
‘Ek het nooit besef dat Jesus al is wat ek nodig het, totdat Jesus al was wat ek gehad het.’ Wat ‘n hoop!
Hy’t niks besit na die oorlog nie, tog besef hy dat hy alles het net omdat hy vir Jesus het.

Gesonde verstand (‘common sense’) is ‘n gawe wat God aan die menslike ras gegee het.
Maar gesonde verstand was nie alleen die gawe van Sy Seun Jesus Christus nie, bonatuurlike verstand is die gawe van Christus.

Ons moet besef hoe belangrik God se boodskap vir vandag is.
Ons het ‘n boodskap ontvang wat lewens kan red.
Daagliks sien ons net verwoesting en die dood, maar hoeveel van hulle wat vandag dood is het God se uitnodiging vroeër aanvaar?
Wel, net God weet.
Vir elkeen wat vandag gaan sterf het die tyd aangebreek om beoordeel te word. Hulle self het net nie geweet wanneer dit sou wees nie. Die grootste vraag is net: ‘Was hulle gereed?’

John Piper skryf:
‘Dit is so belangrik om te weet wat om ons aangaan.
Dit wat op die spel geplaas is, is so veel.
Meeste mense lewe so en is so gemaklik vandag asof ons in ‘n tyd van vrede lewe, en nie in ‘n oorlog nie’.

In tye van oorlog is almal op ‘n gereedheidsgrondslag.
Ons is bewapen. Ons is geestelik waaksaam en versigtig.
Maar is ons nie in so ‘n oorlog nie?
In hierdie oorlog wat ons daagliks stry, verloor mense nie net arms of bene nie, of selfs hulle lewens nie – nee, hierin verloor hulle alles – selfs hulle siele.

Die werklikheid van die hel:
Dis een aspek waaroor ek net duidelikheid wil gee:
Ek glo dat daar 'n hel is, en 'n helle-toestand, want deesdae twyfel die kerk al daaroor ook.

Die werklikheid van die hel kom slegs ter sprake wanneer ons die Bybel moet glo oor die einde van beide gereddes en ongereddes. Maar as dit dan so belangrik is, waarom praat ons nie daaroor nie? Mense ek wil net graag sê: Ons kan nie 'n dowwe, vae idee van die hel hê nie. As ons wil respondeer tot die oproep om uit te gaan en dissipels te gaan maak is dit so belangrik.
Hel is so belangrik en relevant, want dis die uiteinde vir ewig, van so baie mense waarmee ons elke dag werk.

Openbaring 14:9-11;
'En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê:
As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam.
En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid,
en hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier
en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.'

En ook ***Openbaring 20:10 en 15:***
'En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.
En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.'

Die een grootste rede vir verlorenheid is die totale onvermoë om lief te hê. Dit bring 'n groot verwydering tussen die siel en God, tussen mens en Jesus Christus se wêreld en tussen mense en ander mense. Mense raak so geisoleerd dat hulle op die ou einde verwyder is van alles en almal.
Wat 'n wonderlike hoop is dit nie vir almal wat Jesus vertrou vir hulle redding nie.
Dis 'n defnitiewe en lewende hoop – 'n versekerde waarborg wat vir ons gehou word in die hemel.

Wat dan is die duiwel se taktiek?
Om alles en almal stil te hou en alles net mooi onder beheer te hou in hulle lewens. Hoekom?
Sy doel is om mense te keer om die mees belangrike vraag van hulle lewens te moet antwoord: Die ewige toekoms van hulle siele!

Al die tyd in die wêreld:

Satan was besig in een van sy opleidingskampe.
Hy was besig om rond te gaan tussen al die nuwe kandidate en hulle vrae te vra oor wat hulle geleer het.
Hy sê toe vir die groep: 'Nou dat julle gereed is vir die belangrike taak om te gaan en soveel as moontlik mense weg te lei van die pad na God toe, watter strategieë sal julle gebruik?'

Die eerste demoon antwoord:'Meneer, ek sal hulle vertel dat daar geen God is nie.'
Die duiwel antwoord: 'Agge nee, dit sal nie werk nie.
Die skepping is so wonderbaarlik dat dit altyd sal wys op 'n skepper.
Nee wat, jy sal nie baie mense daarmee oortuig nie.'

Die tweede demoon sê: 'Ek sal hulle vertel dat daar geen oordeel sal wees nie.'
'Geen kans nie', sê die duiwel. 'Almal weet wat reg en verkeerd is. Die meeste weet dat daar êrens rekenskap gegee moet word. Nee, dit gaan nie werk nie.'

Die derde demoon sê: 'Meneer, ek sal hulle vertel dat daar 'n God is, en ja, daar sal verseker eendag 'n oordeel wees, maar, dat daar nog baie tyd oor is.'
'Uitstekend' sê die duiwel. 'Jy het mooi geleer.
Baie mense sal val daarvoor. Gaan daarvoor!'

Geloof in aksie:

Ross Patterson het gesê:
'God wil sy mense aan die brand steek met die vuur van Sy Heilige Gees, maar nie dat ons in die kerk 'n vuurwerkvertoning vir die heiliges kan hou nie. Hy wil hê ons moet deel hê in die warmte van Heilige Gees vuur, en om dit uit te gee aan 'n sterwende wêreld.'

Ek het in Afrika gewerk met mense wat geen elektrisiteit, water of sanitasie gehad het nie.
In Tanzanië, na ‘n kerkdiens het hulle ons ingeneem in ‘n klein sinkgeboutjie en bokvleis, ‘n bakkie rys en ‘n Coke gegee.

Ek het geweet dat dit baie meer was as wat hulle ooit kon bekostig. Hulle wou vir my soveel gee uit die min wat hulle gehad het. Maar, so dikwels sien ons hier dat ons so min gee van die baie wat ons het.

‘n Sendeling daar vertel dat hy saam met ‘n besoekende Christen sakeman deur die land gery het. Terwyl hulle by landerye verby gery het, sien hulle ‘n ou vader en sy seun ‘n ploeg trek – stadig deur die grond. Hierdie man was so aangedaan en het gesê: ’Sjoe, hierdie mense is so verskriklik arm.’

Die sendeling vertel toe aan hom dat hulle gelowiges is. Gedurende die kerkbou-projek laas jaar is almal gevra om iets te gee, maar hiedie twee het geen geld gehad om te gee nie.
Toe verkoop hulle hul enigste os en gee die geld vir die kerk. Hierdie jaar het hulle geweet sal hulle self die ploeg moet trek.

Die sakeman roep uit: ‘Maar dit moes vir hulle ‘n baie groot opoffering gewees het!’ Die sendeling sê: ‘Ja, maar hulle het dit nie so gesien nie. Hulle het hulself so bevoorreg gereken dat hulle nog ‘n os gehad het om te verkoop!’

Deur die eeue is dit maar nog altyd so dat daar waar mense iets kon regkry, hulle nog altyd kon uitleef dit wat hulle glo.
En as jy van buite af kyk was dit wat hulle gesê het nog altyd dit wat hulle gedoen het ook.

Ek lees van ‘n ou seuntjie wat opgroei in die agterbuurtes van ‘n groot stad.
Hy word geterg en uitgelag deur ‘n ander seun, wat sê:
‘Toe, jy sê dat Jesus jou liefhet. Wel, as dit so is, waarom kyk Hy dan nie na jou nie?
Hoekom vertel jou God dan nie vir iemand om vir jou skoene en ‘n warm jas en kos te bring nie?’

Die arme outjie dink so ‘n oomblik en met trane in sy oë sê hy:
‘Ek dink God sê dit vir iemand, maar daardie iemand het vergeet.’
Ek wil net weer vandag sê: **ek wil nie vergeet nie!**

Paulus sê vir ons in ***2 Korinthieërs 5:14***;
‘Want die liefde van Christus dring ons,’

Hier volg die woorde van ‘n kind wat se ma aan VIGS oorlede is.
Hy praat met ‘n ander een wat nou net sy ma ook verloor het:

‘Nou gaan hulle jou ma vat en haar in ‘n donker gat sit.
Dan gaan hulle haar toegooi met klippe en grond, en sal sy daar op haar eie alleen moet bly vir ewig.’

God roep elkeen van ons om te besef die tyd is min. Ons het vir te lank gesit en wag dat iemand anders dalk iets gaan doen.
Daar gaan geen kortpaaie en vinnige dinge wees nie – dit gaan deursettingsvermoë neem van elkeen van ons om dit te gaan doen wat God wil hê ons moet doen.

Dawson Trotman het gesê: ‘Die meeste tyd wat gemors word, is die tyd wat dit neem om te begin.’

.....

ONS DROOM VIR DIE NUWE SEISOEN

Om te droom oor die nuwe seisoen het ons nodig om ‘n totale oorgawe te maak, al gaan dit pynlik wees.

David Livingstone het tydens sy omswerwinge in Afrika een keer ‘n brief ontvang van ‘n organisasie in Suid-Afrika. Hulle skryf aan hom: Het jy al ‘n goeie pad gevind om by jou uit te kom? As die antwoord ‘ja’ is, wil ons vir jou mense stuur om jou by te staan.
Livingstone het terug laat weet: As julle manne net wil kom omdat die pad goed is, wil ek hulle nie hê nie.

Om ‘n droom bewaarheid te maak, beteken dat ons nie veronderstel is om die koste daarvan te sit en te bereken nie.
Hoe is dit moontlik dat Islam tienduisende mense kan oortuig dat

om ‘n doel te bereik – om oorwinning te behaal vir jou god – jou alles kan kos?

Wat gaan die nuwe seisoen vir elkeen van ons oplewer?
Ek glo dat ons in ‘n seisoen binnegaan waar ons die wonder-werkende krag van God sal sien.
‘n Kragdimensie wat God gaan gebruik om die oes in te bring.
Wat bly die belangrikste opdrag vir hierdie seisoen?
Daar moet meer werkers en arbeiders mobiliseer en toegerus word vir die oesvelde. Dit bly ons grootste opdrag.

Jesus self het aan ons ‘n belofte gegee dat daar ‘n generasie sal wees wat die groter werke en groter wonders en kragte sal beleef.
Ons sal dieselfde sien as wat Hy gedoen het. ‘n Onsigbare God wat homself sigbaar gaan maak deur tekens en wonders.
Hierdie is die verhaal van mense wat gaan saamwerk met God – dis al hoe ons die uiteindes van hierdie wêreld sal kan bereik.

Elkeen in nou belangrik. Ons moet toegerus raak.
Jy is nie verantwoordelik vir wat mense van jou dink nie – maar jy is verantwoordelik vir wat jy aan mense gee om oor jou te dink.
Ons moet droom, ons moet uitstyg uit hierdie moeras wat ons gevange wil hou.

Soos ons onsself voorberei om uit te gaan is daar altyd dinge wat ons wil terughou.
Daar is soveel Christene wat woon in plekke waar regerings en groepe vyandig staan teenoor die boodskap van redding.
Hierdie mense word daagliks uitgebuit deur hierdie sisteme en kan net bereik word met ‘n boodskap van goeie hoop.
Dié boodskap moet kan red, dit moet kan teenstand bied teenoor die kragte van die duisternis, dit moet genesing terugbring in stukkende families. Hierdie boodskap moet begin om groepe en hele gemeenskappe totaal te verander.

Soveel van ons wonder: Hoe gaan ek dit doen?
Wat is die goeie nuus? Soos wat die arbeiders toegerus word en uitgestuur word hier lokaal en elders – soos wat hulle beweeg, so sal die salwing op hulle lewens vermeerder. God verwag net van jou om die eerste stap van bereidwilligheid te neem.

Soos wat hulle uitgaan, so sal hulle vrymoedigheid om openlik op te tree, verdubbel. Baie van ons sal hier 'n stap in geloof moet neem. Anders gestel: Jy sal moet klaarmaak met die dinge wat jou terughou.

Die afgelope jaar het ek werklik gesien hoe mense verander het en uitgeruk is uit die koninkryk van die duisternis na die koninkryk van lig. Ek praat hier van mense wat vyandig teenoor God was.
Hulle het nie na my toe gekom vir gebede en vir redding nie – nee, hulle het met bose intensies gekom.

Ek sien werklik 'n prent in my gees: Mense wat in opleiding is.
Mense wat alreeds weet wat hulle roeping is.
Mense wat 'n begeerte het om uit te gaan om die oes in te bring.
Ek sien dit as 'n oop visie – en dit bly daar!

In hierdie opleiding word hulle skerpgemaak in die gebruik van hulle gawes en talente, geoefen om te loop in gehoorsaamheid tot Christus. Die een belangrike deel van hierdie opleiding is om te leer hoe om persoonlik te kan staan teen die liste van die vyand.
Te veel goeie werkers word halfpad uitgehaal – ons kan dit nie bekostig nie.
Wat doen die duiwel? Hy sit by die deur en wag. As daar enige menslike fout insluip in jou lewe, gebruik hy dit teen jou.

Mense, ons besef nie hoe belangrik dit is om ons self los te maak van wêreldsisteme nie. Ons moet werklik uitstap uit die een ding, om te kan instap in die regte ding.

My leuse: Ek wil nooit weer op aarde deur iets beperk word, as dit nie God is wat my beperk nie. As dit nie Hy is wat sê: 'Wag eers net so 'n bietjie voordat jy hier ingaan'.

Onthou: Goed, is nie die beste nie. Hy wil ons beste hê.

As ons lees in Joël 2, dan lees ons van die weermag wat hy hier van praat. Hierdie weermag se krag is eindeloos, en dis baie groter as wat ons nog ooit gesien het. Gaan lees dit – Joël 2.

Die meeste mense kan oorgenoeg leer van ware christenskap in ‘n paar maande, maar so baie hou net aan om te leer en in te neem en kom net nooit by die kennis van die waarheid uit nie.
Hulle hou aan studeer en lees boek op boek en hulle kies dat dit hulle so besig hou dat hulle nooit by die punt kom waar hulle begin doen dit wat hulle geleer het nie.
Die probleem is dat, as jy aanhou leer sonder om te doen wat jy geleer het, word jy net ‘n hoorder en nooit ‘n doener van die Woord nie en begin jy om jou self te mislei.
Die misleiding word ongelukkig met tyd net groter.

Wees jy die beste:
Dit sal vir my die grootste tragedie wees as ek eendag op my oudag moet dink: ‘Iewers langs die pad het ek myself verloor. Ek was nooit die mens wie God bedoel het ek moet wees nie’.

Hoe verloor ons dit?: Om soos iemand anders te probeer wees. Ek het so lank probeer om so goed vleis te braai soos my buurman. Ek het so lank probeer om net so ‘n goeie jagter en boer soos my vriende te wees, en ek het probeer om soos my vennote te wees. Op ‘n dag moes ek myself afvra: ‘Vir wie leef ek? Hoekom doen ek dít wat ek doen? Wil ek net heeltyd ander gelukkig en tevrede hou? Ek kan dalk in God se wil wees, maar, is ek werklik binne God se perfekte wil vir my lewe? Is ek werklik op die oomblik daar waar Hy my wil hê? Waarvoor het Hy my toegerus en gesalf?’

Ons hoor so dikwels die stelling: ‘Hulle sê..’
Wie is ‘hulle’ dan nou eintlik?
Hulle is iemand of ‘n groep mense wat deurentyd sekere stan-daarde vaspen van hoe jy nou eintlik veronderstel is om te leef.
As ons dié lewensbeskouing nastreef, kan ons ons hele lewe lank rondskarrel agter goedkeuring en eiewaarde aan – en dalk ons lewensroeping mis. Gaandeweg het ek besef: ‘Hulle’ beheer my ook – en ek hou niks hiervan nie!

Waar die Gees van die Here is, is daar vryheid.

Dis nie Goddelik om jouself met ander te vergelyk of met ander te wedywer nie – die wêrelds.
Ek wil nie soos die wêreld lyk of soos hulle wees nie.
Jesus het ons vrygemaak sodat ons nie deur iemand gemanipuleer of beheer hoef te word nie***.*** ***Johannes 8:36***
'Eers as die Seun julle vrymaak, sal julle werklik vry wees'.
Wanneer jy die dag voor jou Skepper staan, gaan Hy jou nie vra hoekom jy nie soos jou vriend of soos jou predikant was nie.
Daardie dag wil ek Hom net hoor sê:
'Mooi so my kind – jy was getrou'.
En ek wil antwoord: 'Ek het alles presies gedoen soos U gevra het'.

DROMERS:

Kom ons noem hulle **'dromers van vandag':**
Helen Keller, het met tyd blind en doof geword.
Hierdie tekortkominge het haar nie verhinder om 'n kragtige impak op so baie mense se lewens te hê nie. Sy het altyd gesê:
'Daar is iets wat erger is as om blind en doof te wees.
Dit is om te kan sien, maar geen visie te hê nie'.

Die waarheid is dat slegte oë jou defnitief kan strem, maar om geen visie te hê nie beperk jou dade.
Mense ons moet droom, ons moet visie hê. Kan jy net dink wat ons kan regkry deur 'n radikale lewe in gehoorsaamheid aan Christus. Want dit is wat Hy werd is.

Walt Disney was 'n dromer en 'n man met 'n merkwaardige visie. Hy het heel moontlik al die vertroue wat hy gehad het in homself geplaas. Daar is nooit iets geskryf dat hy sy vertroue in God geplaas het nie. Sy kreatiwiteit, vooruitsiening, dryfkrag en determinasie was sy grootste eienskappe.
Hy het altyd gesê: 'Enige droom kan bewaarheid word.
As jy in iets glo, glo daarin en gaan voluit daarvoor'.

Kyk nou na die hele Disneyland-projek.
Niemand het ooit geglo dis moontlik nie. Net Walt het.
Hy was besig om al die manne van sy organisasie toe te spreek oor wat sy visie was. Hy het hulle vertel hoe hy alles sien.

Toe almal vir hom sê dis onmoontlik, het hy dadelik gedink: Dan is dit 'n groot-genoeg uitdaging om aan te pak.

Die res hiervan is vandag geskiedenis. Disneyland en Disneyworld was baie groot suksesse – is vandag nog.
Walt is egter oorlede voordat Disneyworld voltooi is.

By die openingseremonie van Disneyworld in Florida, het die spreker wat die opening waargeneem het, gesê: 'Ek wens so dat Walt vandag hier was om alles te sien'. Van agter af op die verhoog sê Walt se vrou: 'Hy **het** dit gesien! Moet nie wonder nie, vir hom was dit 'n werklikheid'

Ek en jy is vandag hier om die God van die onmoontlike te volg. Ek is maar net 'n gewone mens, met my "hang-up's" en my swakhede. Vir my is dit onmoontlik om al my drome te vervul. Maar dis nie vir God nie – vir Hom is alles moontlik.

Dis belangrik dat ek en jy 'n realistiese visie het oor wie ons is, maar ook 'n regte visie oor wie God werklik is. Hy roep ons om openbarings te hê, drome te droom en om hulle uit te leef.

Dit is egter so, dat al sing en verklaar ons die groot waarhede van die Here in ons dienste en al soek ons die kragdimensie van 'n grote God, verlaat ons so maklik 'n diens en gaan maar net weer terug na 'n onderdrukte lewe, soms sonder drome.

Drome, by definisie is nog nie 'n werklikheid nie.
Om hulle te sien gebeur neem deursettingsvermoë en opoffering. Hulle sal nie net 'n werklikheid word sonder 'n grootse poging nie.

Maar ons moet droom, ons moet ons toekoms kan sien – en al wat dit gaan kos is 'n radikale lewe vir Christus.
Want dit is wat Hy werd is.

.....

GRONDGEBIED

Dit was nog altyd God se begeerte om aan mense ‘n grondgebied te gee. Hierdie is ‘n fisiese stukkie aarde. Dit kan jou land wees, jou plaas, jou huis, jou plekkie waar jy bly of die kamer wat jy huur.
Hy wil hê jy moet daar bly en dit bewerk soos wat Hy van jou verwag.

Jy moet ook geestelik outoriteit oor hierdie plek neem en dit bewaak teen die vyand. Dit beteken dat jy een of ander tyd jou voet moet neersit en sê: Satan, gaan weg hier in Jesus se Naam. Ek en My Here bly hier en jy het niks hier te doen nie.

Wat gebeur met Adam se grondgebied?
Genesis 2:8 en 15;
‘Ook het die HERE God ‘n tuin geplant in Eden, in die Ooste, en daar aan die mens wat Hy geformeer het, ‘n plek gegee.
Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak’.

God kom gee ook Sy voorwaardes aan jou grondgebied.
Vir Adam het Hy duidelike instruksies gegee oor sy grondgebied.

Genesis 2:16.17;
’En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet,
maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe’.

Ons weet baie goed wat hier gebeur het. Wat het Adam verkeerd gedoen? Hy het nie sy grondgebied bewaak nie. Hy het toegelaat dat Satan, as ‘n slang, toegang gekry het tot sy grond.
Hy het ook nie geheers oor die bose gees wat in die slang was nie.
Die gevolg? Adam het alles verkeerd gedoen en so sy grondgebied verloor en hulle is uit die Tuin van Eden gesit.

Saam met jou grondgebied is daar altyd ‘n verbond wat God met jou wil sluit. Hy sê: ‘Ek sal saam met jou loop en saam met jou gaan, solank as wat jy in gehoorsaamheid saam met My loop’.
God sê eintlik: As jy hierdie plek bewaak en in My verbond bly, kan jy maar elke dag in My rus ingaan, Ek sal jou versorg.

Die enigste ding wat hierdie verbond kan breek is die dood óf wanneer sonde inkom en jy nie meer aan God gehoorsaam is nie. Dit kanselleer die hele verbond. Kanselleer beteken net dat God sê: 'Ek loop nie verder met jou in hierdie verbond nie. Ek kan jou nie verder My volle krag en My volle beskerming gee nie. Jy het self gekies om te leef soos jy doen. Jou keuse sal gevolge hê.

Wat is sonde? ***Jakobus 4:7;***
'Wie dan weet om die regte ding te doen, of om goed te doen, en dit nie te doen nie, vir hom is dit sonde'.

Nog 'n voorbeeld:
Jy kry vir jouself 'n woonstel en bly nou daarin. Die beginsel bly dieselfde. Wat laat ek nou toe op my grondgebied?
As ek nou my blyplek verander in 'n dranksalon met stout meisies, het ek 'n baie groot kans dat ek my koninkryk wat God hier wou gevestig het, gaan verloor.

Mense, ons moet één ding besef: Jesus kom vertel die gelykenis waar mense een of twee of vyf talente ontvang het.
Hier moes elkeen aan die einde van die tyd vir die Heer gaan wys het wat hulle gedoen het met hierdie talente.
Daar is rekenskap van elkeen gevra.

Wat gebeur met God se volk in Egipte?
God hoor sy volk roep in Egipte. God kry vir Moses in ***Exodus 3*** en sê vir hom: 'Ek wil my volk uit Egipte lei na 'n nuwe land wat oorloop van melk en heuning. Daar sal Ek hulle seën en 'n groot nasie maak'. Dis die nuwe grondgebied wat Hy vir hulle wil gee.
Die geestelike verbond en voorwaardes gaan egter saam:

Deuteronomium 28 vanaf vers 1;
'As jy na my stem luister om sorgvuldig te hou by al my gebooie en doen wat Ek jou vandag beveel, dan sal ek jou stel bo al die nasies van die wêreld'.

Deuteronomium 28:15;
'Maar, as jy nie luister na die stem van die Here jou God, en nie sorgvuldig hou by die verbond nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal'.

Dis die hele beginsel van grondgebied. So het elkeen van ons ‘n koninkryk – ‘n grondgebied om oor te heers en dit te bewerk, om dan later daaroor rekenskap aan God te gee.

Hierdie grondgebied sal ongelukkig altyd deur die duiwel teen-gestaan word. Daar sal altyd druk wees – en as sonde inkom verloor ek my grondgebied en ook my koninkryk.

Dis hoekom Satan met die versoeking van Jesus in die wildernis, vir Hom kon sê: ‘As jy my aanbid, gee ek aan jou al hierdie koninkryke terug’. Watter koninkryke?
Dié wat ons al met die tyd verloor het – agv. sonde.

Wie het nou die wettige reg oor jou grongebied?

Kom ons kyk wat gebeur met die Israeliete. Hulle is nou in Kanaän en is stelselmatig besig om die hele land in besit te neem.
Ons lees in ***Josua 7*** die verhaal:
Die Israeliete kom net terug van hulle oorwinning by Jerigo.
Dit was hulle grootste triomf. Die vyand se vesting het geval!
Hulle God het hulle die oorwinning gegee.

Hulle is besig om te beplan om die dorpie Ai te verower.
Ai is maar klein en net 3000 manne word gestuur omdat die weerstand maar min was.

Maar, tydens die verowering van Jerigo het ‘n man, Agan, sonde gedoen. Hy het van die goed in Jerigo gesteel en dit in sy tent gaan begrawe. Hierdeur het hy die verbond wat God met hulle gehad het, verbreek. Want God het baie duidelik gesê dat niks geneem mag word nie. Niemand anders het geweet dat hy dit gedoen het nie, en defnitief het die leier Josua dit nie geweet nie.
Agan het geweet, en God en Satan het geweet.

Jy kan jou sonde vir mense wegsteek en geheim hou, maar jy kan dit nie vir God en vir Satan en sy koninkryk wegsteek nie.
Alles in jou lewe is ‘n oop boek in die geesteswêreld.

Toe Satan sien wat Agan gedoen het, vlieg hy direk hemel toe om met God in gesprek te gaan.

Die Israeliete was nou in Kanaän, waar almal afgode gedien het. Soos hulle aanbeweeg, verower hulle al die vyand se stede en

Satan was glad nie ingenome hiermee nie. Sy koninkryk het erg agteruitgegaan. Die verwoesting van die afgodedienaars was vir hom verskriklik, maar hy het nie weggegaan nie.

Toe Satan sien wat Agan gedoen het was hy regtig in die wolke. Hier was sy kans. Sonde in jou lewe gee altyd die duiwel 'n kans.

Ons moet weet dat God se guns en beskerming direk gekoppel was aan sy mense se gehoorsaamheid.
Die verbond wat God met hulle gesluit het was nog in plek, behalwe as die verbond verbreek word.

Satan vlieg hemel toe en sê vir God: 'Het U gesien God wat Agan gedoen het?'
'Ja Satan, ek het dit gesien', sê God.
Satan: 'U volk is oppad Ai toe en U weet dat Ai naby my hart is God. Jou volk het nou geen reg om Ai te verower nie!'
God: 'Ek weet hulle het nie die reg nie.
Ja dis reg Satan, jy mag hierdie veldslag wen, Ek gee toe.
My volk het hulle verbond met My verbreek'.

Die weermag stap Ai toe en kry pakslae.
Hulle vlug voor hulle teenstanders en 36 goeie manne sterf.

Toe Josua die nuus hoor kon hy dit nie glo nie.
Hy kon dit maar net gladnie verstaan nie.
Hy het sy klere geskeur en op sy aangesig neergeval voor die ark.
Hy doen toe presies wat ons vandag nog doen.
Toe daar 'n krisis in sy lewe is, wie blameer hy? Vir God!

Josua 7:7;
'En Josua het gesê: Ag, Here HERE, waarom het U hierdie volk ooit deur die Jordaan laat trek om ons oor te gee in die hand van die Amoriete, sodat hulle ons kan vernietig?
Het ons tog maar besluit om oorkant die Jordaan te bly!'

Josua 7:9;
'En as die Kanaäniete en al die inwoners van die land dit hoor, sal hulle ons omsingel en ons naam van die aarde af uitroei; wat sal U dan vir u grote Naam doen?'

Josua blameer God! Kyk hoe antwoord God hom:
Josua 7:10-11; Toe sê die HERE aan Josua:

'Staan op; waarom tog lê jy op jou aangesig? Israel het gesondig en het ook my verbond oortree wat Ek hulle opgelê het.'

vers 13;
'Staan op! Heilig die volk en sê: Heilig julleself teen môre;want so sê die HERE, die God van Israel: Daar is 'n ban in jou midde, Israel! Jy sal nie kan standhou voor jou vyande totdat julle die ban onder julle uit verwyder het nie'.
God sê: Ek gaan nie verder met julle nie, tensy jy die vloek onder jou vernietig, wat teen jou is.

Hierdie is ook die sleutel vir geestelike oorlogvoering: Dis die manier waarop jy jou grondgebied weggee en verloor.
Ons gee die Satan wettige reg om teen ons op te tree, want die reg om te heers word van ons weggeneem.
Geestelike oorlogvoering beteken dat dit moontlik is om weer hierdie reg wat Satan verkry het, weg te neem en weer terug te vat

Jy sien, Agan se sonde was vir Satan die wettige reg om aan vas te gryp en die kinders van Israel te oorwin.
Net omdat daardie sonde nie dadelik hanteer is nie, het dit vir Satan die reg gegee. Dit werk vandag nog net so.

Wat is die goeie nuus? Die wettige reg wat ek aan Satan gegee het, kan weer teruggeneem word.

Die Here het beveel dat Agan en sy familie en alles van hom en al die gesteelde goed vernietig moet word. Omdat die 'verkeerde gees' nou toegang verkry het tot die familie, deur Agan, wil God keer dat dit nie na die nageslag toe moet gaan nie en word almal doodgemaak.
Hier sterf onskuldige mens agv die sonde van die vaders.

Daarna moes hulle die sonde kom bely.
Wie maak vir Agan-hulle dood?
Die volk self – teen wie hulle die sonde gedoen het.
(Ons sien in die Nuwe Testament toe Ananias en Saffira gesondig het teen die Heilige Gees, het God self hulle doodgemaak).

Die Israeliete het die vloek onder hulle verwyder en alles weer herstel en is terug Ai toe en het die oorwinning behaal.

As jy ooit oorwin word en dit gaan sleg met jou, vra vir die Here: 'Here, wys my waar ek my wettige reg weggegee het'.
Hy sal jou wys.

Hanteer dit, bely dit en neem jou grondgebied weer terug.

Ons kan 'n veldslag verloor, maar daar is altyd vergifnis by God.

Vraag dan nou is:

* As God aan my 'n woning gegee het om oor te heers, hoeveel deure in my huis staan nog oop?
* Hoeveel het jy al tot nou toe van jou koninkryk weggegee?
* Hoeveel is van jou weggesteel in die verlede?

Wat bly nog oor in jou?
Verwerping, vrees, bitterheid, minderwaardigheid, siekte, angs, onvergewensgesindheid, depressie en skuldgevoelens.
Jy het nog altyd gedink dat die verlede en al die pyn van die kinderjare sal vanself verdwyn – wel, dit het nog nie.
Dis nog nie weg nie, want dis nog net nooit reg hanteer nie.
Dit moet spesifiek bely word en klaargemaak mee word.

Wat gebeur as ek nie my sonde spesifiek bely nie?

Dis waaroor alles gaan. Ek as individu moet my lewe en dit wat aan my gegee is, bewaar en daarop bou.
As ek gewoonte-sonde toelaat in my lewe, gaan ek geestelik nêrens kom nie. Dis nou tyd om dit te hanteer.
Dis ook so belangrik om te besef dat ek en jy 'n verantwoordelikheid het aan almal hier. Ons moet as liggaam in eenheid beweeg om God se guns oor ons gemeente te hou.
Dit is elkeen se taak.

Koning Dawid val in sonde – ernstige sonde.
Hier kom doen hy 'n belydenis: ***Psalm 32;***
'Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer soos ek heeldag om hulp geroep het.
Toe het ek my sonde bely en my oortredinge nie meer weggesteek nie. Nou, dit gaan goed met die mens wie se ootredinge nie gestraf word nie – wie se sonde vergewe word'.

Onthou: Demone kan nie net op mense spring wanneer en hoe hulle wil nie. Ek glo werklik ons is beskerm daarteen.

Die reël is duidelik:
Moet nie kompromieë aangaan nie. As jy sonde doen gaan die deure oop en demone kom in. Hulle kan nie net inkom nie, daar moet vir hulle 'n wettige reg wees om te kan inkom.
En, terwyl jy in sonde bly, bly die deure oop en het die demone 'n vry kaartjie om saam te ry.

Wat is die oplossing?
As daar sonde is in ons lewens is daar net één oplossing: Belydenis.

2 Korinthiërs 7:1;
'Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring'.

<u>Daar is twee dinge wat ons moet op let:</u>
1. Die apostel Paulus sê baie duidelik dat daar 'n skoonmaak en reinigingsproses is wat ons moet deurgaan.
Dis nie outomaties nie, dit vereis dat ons iets moet doen.
2. Paulus plaas die verantwoordelikheid vir hierdie reiniging volkome op ons skouers. Hy sê: 'Laat ons ons self reinig'.

DIS MY EIE VERANTWOORDELIKHEID OM MYSELF TE REINIG

Na wedergeboorte gee God aan ons elkeen genoeg outoriteit en verwag Hy van ons elkeen om ons eie lewe te reinig.
Hoekom? Dis 'n Bybelse opdrag!
God sal nooit van ons iets verwag as Hy nie self daarvoor sal sorg dat dit moontlik is nie.
Hoe moet ons onsself reinig? ***1 Johannes 1:9;***
'As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig'.

Die vers begin met 'as'. Dit beteken altyd: Ons het 'n keuse.

Óf ons kies om dit te doen, óf ons kies om dit nie te doen nie.

Dis baie duidelik: Die reiniging gaan nie kom as ons nie eers bely het nie.

Die woord 'bely' word skielik die sleutel in die vers.